IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA
1988-02-01

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 337

(Bladsye 19 176 - 19 244)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 1 FEBRUARIE 1988.

FAFALE CLIFTON LEPELE, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Lepele, u sê dat in Maartmaand 1984 het u in ŉ huis in Sebokeng ingetrek? -- Ja.

Was dit aan die begin van Maart, middel van Maart? -- Dit was na die middel van die maand.

En is dit reg dat daar het ŉ tyd verloop sedert jou aansoek voordat die grond op jou naam geregistreer was en dat jy eienaar geword het of huurpag gekry het? -- Ja.

Kan jy onthou wanneer jy die deposito betaal het? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Kan jy vir ons sê watter maand dit was? Januarie, Februarie? -- Bedoel u toe die huis nou aan my toegeken is?

Toe jy ŉ deposito betaal het? -- Dit was in Maartmaand.

HOF : Moes u die deposito betaal voordat u intrek? -- Ja.

MNR. JACOBS : Hoe lank het dit geneem om die huis gebou te kry? -- Omtrent ŉ maand en ŉ week.

Is dit reg dat jy begin bou het aan hierdie huis min of meer die eerste week van Februarie? -- Nee.

Wel, as jy die middel Maart ingetrek het, dit in ŉ maand en ŉ week gebou, vat dit jou na middel Februarie plus ŉ week terug nog van die middel Februarie. Dan moet dit omtrent die eerste week van Februarie wees? -- Nee, dit is nie so nie.

Nou verduidelik dan vir ons? -- Wat gebeur het is, na ek die deposito betaal het, het ek toe ŉ keuse gaan maak van ŉ huis wat ek sal wil hê. Na ek dit gedoen het, het ek toe die huis begin bou. Eers na ek klaar gebou het, het ek in die huis ingetrek.

As ŉ mens dan die ding op jou getuienis terugwerk,

dan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dan beteken dit jy het die middel van Maart ingetrek? Is dit reg? -- Toe die huis aan my toegeken was, was dit in Maartmaand.

So, dan het jy nie Maart ingetrek in daardie huis nie. Is dit wat jy nou vir die hof sê? -- Dit is net so goed ek het by daardie tyd ingetrek sodra dit aan my toegeken was, want van daardie tyd af het ek aan die huis gewerk. Die huis het nie mure gehad nie, dus moes ek eers die mure laat oprig.

U wil nou nie my vraag antwoord nie. U het tog nie dadelik toe die huis toegeken is ingetrek nie, want daar was nie ŉ huis nie, daar was net ŉ dak? Is dit reg? -- Ja, dit was ŉ onvolledige huis.

Ja en jy het nie ingetrek nie? -- Nee, ek het nie ingetrek nie.

Vandat die huis aan jou toegeken is in Maartmaand, het dit ŉ maand en ŉ week geduur om die huis klaar te bou? -- Ja.

Dit beteken dan jy kon nie die middel Maart ingetrek het nie, op jou tweede weergawe nou? -- Ja.

So, dan is dit nie heeltemal reg wat jy vir die hof gesê het dat jy middel Maart daar ingetrek het nie? -- Ek sal sê dit is reg. By die dag wat die huis aan my toegeken word, is ek in beheer van die huis. Dus is ek geregtig om te sê dit is my huis. Vir daardie maand het ek alreeds huur begin betaal.

Maar jy het nie daar ingetrek nie? -- Hoe kan ek in die huis gaan intrek wat nie mure het nie. Dit sal beteken dit is net so goed ek slaap in ŉ oop veld.

Jy sê dat jy moes die R400,00 uit jou spaarrekening trek om die deposito te betaal? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek sê die deposito wat hulle van my verlang het was

R400,00/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

R400,00. My geld in die bank was nie soveel gewees nie. Met die gevolg is dat ek van my mense en oom geld geleen het om hierdie depositogeld bymekaar te kry.

Hoeveel geld het jy in jou rekening gehad? -- As ek reg onthou het ek omtrent R200,00 op daardie tydstip in hierdie rekening gehad.

As jy R200,00 in jou rekening gehad het, hoekom moes jy geld by ander mense leen om vir mnr. Mofokeng te gee? -- U sal moet verstaan dit was voor hierdie tyd wat ek hierdie geld nodig gehad het vir ŉ deposito. Ek het geld aan Mofokeng gegee in Desembermaand van die vorige jaar. Hierdie is ŉ ander jaar waarvan ek praat dat ek soveel geld gehad het.

Wil jy vir die hof dan sê Desembermaand het jy nie R200,00 gehad nie? -- Ek het dit nie gehad nie.

Het jou werkgewer jou gehelp met die aankoop van ŉ huis? -- Nee, hulle het gesê hulle help nie swartmense nie.

Het hulle nie vir jou ŉ huistoelae gegee nie? -- Nee, hulle het nie.

So, is ek reg dan as ek sê die enigste geld wat jy geleen het om hierdie huis te bou was die R200,00 vir die deposito? -- Ek was nie besig om ŉ huis te bou met daardie R200,00 nie. Ek het die geld geleen om by my geld te tel om die volledige bedrag uit te maak dat ek die deposito kan betaal.

Maar jy het nie ander geld geleen om die huis te betaal nie, behalwe dat jy die boumateriaal op skuld gekoop het? -- Ek het verlede week aan u gesê dat ek nog geld geleen het om die materiaal te kan kry en selfs was die materiaal nie kontant voor betaal nie.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit reg dat hierdie huis is aan u verkoop op ŉ skema deur die Stadsraad van Lekoa? -- Ek is nie seker daarvan nie, want sover ek weet, die kantore waar ek was om die huis te koop is aan my bekend as die administrasieraad se kantore. Of dit nou aan die raad van Lekoa behoort het wat die besigheid daar gedoen het, kan ek nie sê nie.

Maar is dit dan nie so dat vandat die raadstelsel ingekom het, het hulle die funksies en die take en skemas van die administrasieraad oorgeneem nie? -- Ek het nie ŉ idee daarvan nie. Wat my betref werk die mense van die raad saam met die administrasieraad, die raad synde die Lekoa raad wat saam met die administrasieraad werk.

Is dit by dieselfde kantore as waar jy jy jou belasting of fooie betaal? -- Ja.

Die aankoop daar, is dit ook teen ŉ spesiale verminderde rentekoers? -- Ek weet nie. Ek was net gesê wat die prys is van die huis wat ek koop en hoeveel ek sal moet afbetaal.

Het jy nie goed geteken, ŉ kontrak geteken met hulle nie? -- U sal moet verstaan as ŉ mens by daardie kantore kom en jy is besig om ŉ huis te koop, daar word net ŉ papier uitgehaal en aan jou gegee om te teken.

Het jy die papier gelees? -- Nee, ek het dit nie gelees nie.

Hoekom nie? -- Omdat hulle net vir my daardie dokument gegee het om te teken. Hulle het nie vir my gesê dat ek die dokument moet lees nie.

So, jy weet eintlik absoluut niks van die voorwaardes en alles waaronder jy ŉ huis gekoop het nie? -- Ja, omdat ek geen papiere gegee was om te lees nie, behalwe hierdie een wat aan my gegee was deur te sê dat ek net daardie

papier/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

papier moet teken as ek ŉ huis wil koop.

Jy sien, ek het nog ŉ ander probleem met jou getuienis. Jy het vir die hof gesê dat in die middel van Desember 1983 na die verkiesing het jy gegaan om vir mnr. Mofokeng te sien. Is dit reg? Onthou jy dat jy dit gesê het? -- Ja, ek het so gesê.

Toe het jy vir die hof gesê hy het ook gesê hy sal jou naam op die lys sit en jy moet na ŉ maand - sal hy jou weer sien? -- Ja, hy het so gesê.

Stem jy saam jy het toe gesê na ŉ maand het jy hom gaan sien? -- Ja.

Dit meen dit is in die middel van Januarie 1984 toe jy hom gesien het na die maand? -- Ja.

En dat hy toe op daardie stadium vir jou gesê het volgens jou getuienis dat jy aan hom R100,00 moet betaal om ŉ huis te bekom? --Ja, dit was op daardie stadium gewees.

En toe het jy gesê dat jy aan die einde van die maand nadat hy dit vir jou gesê het - het jy die geld bymekaar gekry, dié wat jy self kon gee en die ander wat jy geleen het, as ek reg onthou by jou vader? -- Ja.

Dit beteken dan dit was aan die einde van Januarie 1984 toe jy na bewering R100,00 sou bekom het en oorbetaal het? -- Ja, dit is die waarheid.

So, dan was jy nou-nou verkeerd toe jy vir die hof gesê het dat jy het mnr. Mofokeng aan die einde van Desember betaal? -- Ek het verstaan dat u vraag bedoel dat ek Mofokeng in Desembermaand gesien het. Nie dat u bedoel dat ek Mofokeng in Desembermaand betaal het nie.

Nee, ek het u nie gevra wanneer het u vir Mofokeng gesien nie. Op ŉ ander vraag van my het u met die antwoord

gekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gekom u het hom alreeds aan die einde van Desember betaal sonder dat ek verwys het na Mofokeng? -- Dit was op die stadium toe u gevra het waarvandaan het ek die geld gekry om ʼn huis te betaal as ʼn deposito.

Ja. So, ek het u nie gevra van Mofokeng nie. Stem u saam? -- Dit sal dan beteken dat ek nie u vraag goed verstaan het nie.

Goed, jy stem nou saam dat aan die einde Januarie het jy vir mnr. Mofokeng betaal. -- Ja.

Is dit reg dat toe mnr. Mofokeng vir u gesê het dat u moet hom R100,00 betaal en na ʼn maand moet u na hom toe kom nadat u die R100,00 betaal het? -- Dit is na ek by hom was in Desembermaand.

U sien, u getuienis was, ek wil dit aan u stel, op die geleentheid toe mnr. Mofokeng by u was, het u gesê hy het gesê u moet vir hom die R100,00 betaal en dan het hy gesê moet u weer na ʼn maand na hom toe kom nadat u die R100,00 betaal het? -- Ja, die maand wat hy van gepraat het, dat ek hom na ʼn maand moet sien, sou in Januariemaand verstryk het. Dit beteken dus dat ek hom in Januariemaand moes gaan sien.

Die oorkonde sal vir hom self praat daar. Kom ons gaan nou verder. Die einde van Januarie, toe het u die geld in die hande gekry. Wanneer het u hom gaan sien? -- Ek kan nie meer die datum onthou nie, want hierdie voorval het lank gelede plaasgevind.

Jy het die end van die maand die geld gekry en geleen. Hoe lank na jy die geld gekry het, het jy dit gedoen? -- Ek dink dit was ʼn week na ek my betaling gekry het waar ek werk en toe het ek die geld aan hom gaan gee, want ek moes geld van my pa ook geleen het om hierdie bedrag vol te

maak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

maak.

Kry jy jou geld aan die einde van die maand? -- Nee, nie aan die einde van die maand nie.

Die hoeveelste word jy betaal? -- Ek kry my beloning per week.

Dan was dit al in die eerste week in Februarie toe jy na mnr. Mofokeng toe gegaan het. Is dit reg? -- Ek het nie meer ŉ goeie kennis daarvan, want dit is lank gelede wat dit gebeur het. Al wat ek kan sê is dat na dit het hy gesê ek moet hom weer kom sien.

Na hoe lank? -- Hy het my tydperke van weke gegee en hy het toe later gesê dat hy self na my toe sal kom.

Wat het hy gesê op die geleentheid toe jy na bewering die geld aan hom sou gegee het, die R100? -- Dit is op daardie stadium wat hy vir my gesê het dat ek hom die volgende week moet kom sien.

Moes jy hom sien of sou hy jou kom sien het? -- Die eerste week het hy gesê dat ek hom moet gaan sien.

Het u gegaan daardie week? -- Ja, ek het.

En toe, wat het gebeur? -- Hy sê toe dat ek die volgende week moet kom.

Jy sien, in jou getuienis-in-hoof het jy gesê hy het gesê dat hy sal jou kom sien na ŉ week en hy het toe nie gekom nie. Wat is nou waar? -- Die eerste week het ek na hom toe gegaan. Dit is toe ons gepraat het van die tweede week waar hy gesê het dat hy na my toe sal kom.

HOF : Is u stelling reg, mnr. Jacobs, dat die getuie besig is om homself te weerspreek? My assessor se nota is dat hy gesê het die getuie moet hom kom sien na ŉ week.

MNR. JACOBS : Ek werk ook van ŉ nota af. HY mag miskien

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie heeltemal duidelik wees nie in daardie opsig nie. Ek sal dit anders stel dan. Jy sê - laat ons dit dan net duidelik kry, die geleentheid toe jy die geld aan hom oorhandig het, wat het hy presies gesê? -- Hy het gesê ek moet hom na ŉ week kom sien.

Dit neem ons dan na ŉ week na die tweede week in Februarie. Is dit reg? -- Dit kan wees.

Wat het gebeur toe jy hom nou op hierdie geleentheid gesien het die eerste keer nadat hy die geld ontvang het? -- Na ek hom die geld gegee het sê hy vir my dat ek daardie week moet kom en na ek by hom was, sê hy toe vir my nee, in die toekoms sal hy na my toe kom.

Wanneer het hy gesê sal hy kom daarna na jou toe? -- Hy het gesê hy sal na my toe kom na ŉ week, dit wil sê vanaf die dag wat hy dit vir my gesê het.

Stem jy saam, dit neem ons na die derde week in Februarie? -- Ja.

Het hy toe na jou toe gekom? -- Nee, hy het nie.

Is jy na hom toe? -- Ja, ek is.

Hoe lank na hierdie week om was? -- Die einde van daardie week wat hy beloof het om na my toe te kom,het ek na hom toe gegaan.

En toe jy nou by hom kom, wat gebeur toe? -- Hy sê toe vir my dat ek maar moet gaan, hy sal die volgende week na my toe kom.

Het u toe daardie week gewag vir hom? -- Ja, ek het.

Dit meen dit neem ons na die vierde week van Februarie as Februarie daardie jaar vier weke gehad het? -- Ja.

Het hy toe gekom na jou toe? -- Hy het nie.

Is jy toe na hom toe? -- Ja, ek het na hom toe gegaan.

Hoe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoe lank na die week verby is wat hy die afspraak voor gemaak het? -- Dit was gedurende die week. Ek kan net nie die dag van die week onthou nie.

En toe? -- Toe ek by hom kom sê hy vir my dat hy vir my gesê het dat hy na my toe sal kom. Dit was na aanleiding daarvan dat ek gevoel het dat ek nie die persoon moet vertrou nie. Dus het ek hom nie weer vertrou nie.

Het jy hom ooit weer gesien daarna? -- Ek het nie meer na hom toe gegaan nie.

Stem jy saam die laaste keer wat jy hom gesien het moes in Maartmaand 1984 gewees het? -- Ja.

En dan as jou getuienis wat jy netnou gegee het korrek is dat jy het in die middel van Maart in daardie huis ingetrek, daar was gebou ŉ maand en ŉ week aan die huis voordat jy ingetrek het toe jy alreeds die huis gehad het, alreeds die deposito betaal het, dat jy hierdie huis aangekoop het terwyl jy nog onderhandel het met mnr. Mofokeng?

MR BIZOS : The witness explained that he thought it was in the middle of March that he gave his deposit and that was the time that he considered that he had "ingetrek". The prosecutor can argue as to whether he misunderstood the question or not or whether possession is "ingetrek" or not, but the way it is put, is not fair.

MNR. JACOBS : Die getuie het duidelik gesê hy het in middel Maart ingetrek in die huis.

HOF : Maar toe het u hom gekruisvra daaroor en toe het hy dit gekorrigeer en vir u vertel wat bedoel hy met ingetrek. Met ingetrek bedoel hy, sê hy, okkupasie geneem. Hy het beheer oor die perseel verkry. Nou kan u my later toespreek of dit reg of verkeerd is, maar dit is soos die getuienis

nou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nou staan.

Kan u net vir ons een ding sê dat ons dit net duidelik kry. Toe u gegaan het na die raad se kantore, die amptelike kantore om ꞌn huis te kry om aansoek te doen vir ꞌn huis, was dit nadat jy alreeds kant en klaar onderhandel het met mnr. Mofokeng en besluit het om nie meer verder met hom iets te doen te hê nie of was die onderhandelings met hom nog aan die gang? -- Ja, dit is na ek besluit het dat ek nie meer hierdie persoon gaan vertrou nie.

Hierdie persoon het volgens u getuienis ten minste R100,00 van u gesteel? -- Gesteel? Hoe?

Wel, hy het jou geld gevat, hy het niks vir jou gegee nie? -- Ja, hy het my niks gegee nie.

Ten minste was dit omkopery dat hy jou moes omkoop om vir jou ꞌn huis te gee. Het jy dit besef? -- Ja, hy het my afgepers dat ek geld aan hom moet betaal.

Toe hy nou niks doen nie en jy sien hy is skelm, soos jy self gesê het jy kan hom nie vertrou nie, het jy na die polisie gegaan en ꞌn klagte gelê? -- Ja, ek was van voorneme om dit te doen, maar my mense by die huis het vir my die volgende gevra wat dan gemaak het dat ek dit nie verder neem nie. Hulle vra vir my of die man vir my ꞌn kwitansie gegee het vir die geld. Indien nie, wat sê ek vir die polisie wat se bewys het ek dat die man wel geld van my ontvang het. Na aanleiding daarvan het ek besluit om dit nie verder te voer nie.

Jy kon mos ꞌn klagte gelê het by die polisie om dit te ondersoek? Hoekom het jy dit nie gedoen nie? -- Soos ek sê as gevolg van die raad wat ek van my gesin gekry het na aanleiding van die besprekings of ek die man wil laat vang of

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie, het ek gevind dat ek nie daarin kan slaag om gevang te laat word nie en dus het ek dit daar gelaat.

Wie in jou gesin het jou so geadviseer? -- My pa het dit vir my gesê.

Terloops, werk u vrou? -- Sy werk nie.

U het vir die hof gesê dat u het daar gehoor dat die VCA gaan die huur bespreek met die outoriteite? -- Dit is hoe ek gehoor het, ja.

Wie is die VCA? -- Ek weet nie wie hulle is nie. Ek wil hulle nog ken tot vandag wat ek hier staan.

Wat het jy geweet van die VCA? -- Wat ek geweet het van VCA is die volgende, dat dit ŉ organisasie is wat gestig was met die oog daarop om aandag te gee aan probleme van ons as inwoners van die lokasie, wat dan opgeneem kan word deur hulle met die outoriteite.

Hoe lank het jy geweet van hierdie VCA daar in die woongebied? -- Ek kan nie sê nie, maar dit is na ŉ rukkie wat ek my huis voltooi het en ingetrek het in Sebokeng dat ek vir die eerste keer hiervan gehoor het.

Daar was ŉ vergadering gehou in die Roomse Kerk op 26 Augustus 1984. Het jy geweet daarvan?

HOF : Watter Roomse Kerk?

MNR. JACOBS : In Small Farms? -- Ja, ek het daarvan geweet.

Het jy dit bygewoon? -- Nee, ek was werk toe.

HOF : Werk u skofte? -- Ja.

MNR. JACOBS : Weet u wat se dag dit was? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

As u nie eers kan onthou op watter dag dit was nie, hoe weet u u was werk toe? -- Ek onthou dat die dag van die vergadering was op die dag wat ek werk toe moes gegaan het.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek het nie ꞌn dag af in daardie week gehad nie.

Werk jy Sondae? -- Ja, ek werk Sondae ook.

Jy het nou gehoor dat hierdie organisasie VCA sou gaan praat met die outoriteite, maar jy het nie geweet wanneer nie as ek dit reg verstaan het in jou getuienis? -- Ja, omdat ek nie die vergaderings van die mense bygewoon het nie en ook nie dit te hore gekom het wanneer dit gedoen sal word nie, weet ek nie.

Die oggend van 3 September 1984 hoe laat het jy opgestaan daardie oggend? -- Gewoonlik as ek nagskof doen, dan staan ek om 07h00 of 08h00 in die oggend op.

3 September het jy nagskof gedoen? -- Ja, ek het nagskof gedoen.

Hoe laat het jy by die huis gekom? -- Ek was die vorige dag van die 3de, dit wil sê die 2de ꞌn dag af diens gewees en dus dit beteken dat ek die dag van die 3de die hele dag nie sou gewerk het nie. Ek sou eers met my skof begin het die nag van die 3de op nagskof.

Jy sê jy het ongeveer 07h00 die oggend opgestaan. Het jy enigsins na buitekant toe gegaan?

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Hoe laat het u die oggend opgestaan? -- Ek is nie seker nie, maar soos ek sê, as ek nagskof werk staan ek in die môre op tussen 07h00 en 08h00, Ek is nie seker hoe laat ek hierdie spesifieke oggend opgestaan het nie.

MNR. JACOBS : Maar is dit min of meer tussen 07h00 en 08h00? -- Dit kan wees, ja.

Het jy soos normaalweg net opgestaan, daar is niks wat jou aandag getrek het nie? -- ꞌn Persoon staan op omdat hy nie meer aan die slaap kan raak nie.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Dit is gewoonlik so. Partykeer staan mense in hulle slaap ook op. -- Nee, as ek voel ek moet nog slaap en ek kan nog aan die slaap raak, dan slaap ek. Ek sal net opstaan as ek nou voel ek kan nie meer aan die slaap raak nie.

Was daar toe u nou wakker word en voor u opstaan en toe u opstaan, enigsins iets abnormaal buitekant of in die huis? -- Nee, ek het niks gehoor nie.

MNR. JACOBS : Het jy op enige stadium buitekant jou huis gegaan nadat jy opgestaan het? -- Ja, ek het.

Wat het jy gaan maak buitekant? -- Nee, dit is mos my huis daardie. Ek het die reg om om die huis te loop en te kyk of alles nog reg is.

Dit is my vraag, wat het jy gaan doen buitekant? Sê vir ons? -- Ek het daar gaan kyk op my erf of daar nie iets verkeerd gegaan het daar nie.

Soos wat? -- Byvoorbeeld die honde wat nie aan ŉ ketting is nie, kom in ŉ man se perseel in en begin sommer grawe daar.

Is dit net die een keer wat jy uitgegaan het om te gaan kyk of die honde gegrawe het? -- Ek het op daardie stadium uitgegaan om te gaan kyk.

Het u enigiets abnormaals buitekant opgemerk toe u by daardie geleentheid uitgegaan het? -- Nee, ek het niks gesien nie.

Het jy nie mense daar buitekant jou huis en jou perseel gekry en gesien nie? -- Nee, dit is maar ŉ ou ding daar wat ŉ mens aan gewoond is dat mense verbyloop. Partykeer staan hulle nog en gesels in die straat.

Het jy enigsins iets besonders gehoor wat die mense daar buitekant praat? -- Ek is nie nuuskierig nie.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, met ander woorde, moet ek aanvaar jy het nie gehoor wat die mense daar praat nie? -- As ek miskien nuuskierig was, ja, sou ek geweet het.

Antwoord tog net die vraag, asseblief. Het u gehoor of nie? -- Ek het nie gehoor nie. Ek het alreeds gesê ek het nie gehoor wat die mense daar sê nie.

Dan verstaan ek nie jou getuienis nie, want jy het gehoor van ander mense van enigiets wat gebeur nie, jy het nie geweet wanneer gaan die VCA se mense na Houtkop toe loop nie, hoekom het jy dan daardie oggend besluit jy gaan nou na die Roomse Kerk in Small Farms? -- Het u my miskien gevra wanneer ek dit gehoor het, sou ek vir u gesê het.

Wel, ek het jou gevra. Jy het nie geweet nie. Jy het vir die hof gesê jy het nie geweet wanneer sal hulle gaan nie? -- Ek het al vantevore gehoor van passasiers wat saam met my in die bus was dat daar na die Roomse Kerk gegaan sal word. Ek het gehoor, soos ek sê, van die mense as passasiers in die bus. Dit was nie 'n kwessie van dat en miskien 'n brief gekry het of 'n pamflet wat dit bekend gemaak het nie. Ek kan dus nie sê presies op watter dag dit gebeur het nie, maar ek het dit te hore gekom.

Laat ons dit net 'n bietjie verder vat. Wanneer het jy gehoor sal daar gegaan word na die Roomse Kerk toe? -- Ja, dat dit die 3de sou wees.

Vir watter doel? -- Dat die optog daarvandaan sal begin na Houtkop toe.

Wat se optog? -- Oor die huur.

Is dit die een waar VCA met die outoriteite sou gaan praat oor die huur? -- Van die VCA wat ek van geweet het was dit in daardie tyd wat ek werk toe was dat hulle daar

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was oor daardie bespreking.

HOF : Het die optog nou, soos u verneem het, verband gehou met die VCA of geen verband gehou met die VCA nie? -- Ek het nie sulke kennis gekry nie. Ek het nie geweet of die VCA hier betrokke was of nie.

MNR. JACOBS : Jou getuienis is tot die effek dat jy het nou gehoor van hierdie dinge dat VCA sou gaan na Houtkop om met die outoriteite te praat. Wat het dit dan te doen met hierdie optog van die 3de, dat jy jou getuienis so aangebied het? -- Maar was dit nie korrek dat u vir my gevra het of VCA iets te doene gehad het hierdie optog nie?

Is dit jou antwoord op my vraag? -- Maar is ek reg dan, het ek die vraag reg verstaan dat u bedoel het dat ek by u wil weet of ek daarvan kennis gedra het dat op die 3de, dit is die dag van die optog, of VCA nou daar betrokke was?

HOF : Ja, daardie vraag het u al beantwoord. -- Wat is dan die volgende vraag waarop ek moet antwoord?

Die advokaat is eintlik net besig om met u te stry. Vra 'n ander vraag, mnr. Jacobs.

MNR. JACOBS : Kan u vir die hof sê, toe u by die kerk aangekom het, is u deur die vierkant daar by die kerk na die kerksaal toe? -- Met my aankoms daar was daar niemand gewees in die vierkant nie. Nee, ek het nie by daardie punt gekom nie. Praat u nou van die vergadering in die kerk?

HOF : Die vergadering was in die kerksaal en die vierkant dit is miskien nie 'n presiese vierkant nie, maar dit is die oop ruimte tussen die verskillende geboue en die vraag is het u daaroor geloop na die kerksaal toe? -- Ja, ek het deur daardie opening geloop.

MNR. JACOBS : Is dit wat jy bedoel met jou aankoms daar

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en toe jy deur die opening loop dat daar niemand daar was nie? -- Ek het nie gesê daar was niemand in daardie opening nie.

Wat het jy bedoel toe jy op my vraag geantwoord het "Met my aankoms daar was daar niemand nie"? Wat het jy bedoel toe jy dit gesê het? -- Nee, nee, ek weet nie of die hof dit agtergekom het nie. Dit is omdat ek nie die vraag goed verstaan het wat die tolk aan my vertolk het nie en na aanleiding van daardie antwoord het ek weer teruggegaan na die tolk toe om vir hom verder te vra of ek die vraag reg verstaan en toe het die tolk dit oorgedra aan die hof en dit was toe aan my verduidelik. Ek het ŉ antwoord daarop gegee.

Was daar mense in daardie vierkant toe u oor die vierkant gegaan het om by die kerksaal te kom? -- Ja, daar was mense gewees wat daar gestaan het. Van hulle was besig om verby deur daardie opening te stap na die kerksaal toe.

En in die omgewing van die deur van die kerksaal wat front na die vierkant se kant toe, was daar mense om daardie deur? -- Die deur waar ek toegang gekry het tot die saal was daar wel mense gewees.

HOF : Was daar meer as een deur oop waardeur ŉ mens die saal kon binnegaan of net een? Een plek dus? -- Ek het nie opgelet hoeveel deure daar oop was nie. Ek het net by die deur ingegaan wat ek gesien het is oop. So, dit is die deur wat ek van praat.

MNR. JACOBS : Die mense wat daar naby die deur was, het hulle die deur toegestaan, toegepak gehad? -- Nee.

In die onmiddellike omgewing van die deur waar toegang verkry was, het u mense gesien enigiets anders doen daar?

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Ek het nie opgelet nie.

Het jy nie mense gesien wat plakkate skryf nie? -- Ek het hulle nie gesien nie.

As die getuienis is dat baie naby aan daardie deur wat toegang tot die kerksaal verleen mense besig was om plakkate te skryf, wat sê jy daarvan? -- Omdat ek hulle nie gesien het nie, sê ek dat ek hulle nie gesien het nie. As ek hulle gesien het, sou ek vir die hof hier gesê het dat ek hulle gesien het.

MR BIZOS : A number of witnesses gave evidence that it was not near the door. There was only one witness, the secretary of the choir, if my memory serves me correctly, I do not remember his name, who said that they were eight or ten metres away from the door. So, to say that the evidence is. He could put that a witness has said, but your lordship will recall earlier when accused no. 8 gave evidence that it was near the caretaker's house between two walls and that sort of thing.

MNR. JACOBS : My vraag was eintlik as daar getuienis in hierdie hof aangebied was deur getuies, wat sal hysê daarvan?

HOF : Dit is nou klaar beantwoord. Gaan nou maar aan na 'n volgende vraag toe.

MNR. JACOBS : Toe u die kerk binnegegaan het, was die kerk vol of was daar nog baie plek in die kerk vir mense om te sit? -- Ek sal nie sê dat die saal so vol was nie, want met my aankoms daar het ek nog 'n sitplek gekry.

Kon jy baie oop sitplekke sien? -- Ek het net daar naby waar ek gesit het gekyk. Ek het nie ver agter toe gekyk nie.

Was daar nog ander sitplekke oop daar naby waar jy gesit het? -- Ja, twee of drie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was dit naby die kerk wat toegang verleen het tot die kerk? -- Nie by die deur nie. 'n Entjie verder diep in die saal in.

Het daar binne-in die kerk by die deur gestaan teen die mure? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

As daar mense gestaan het, sou jy hulle gesien het? -- Ja, ek sou hulle gesien het.

So, wat jou aanbetref het daar niemand gestaan in die kerk nie, al die mense het gesit? -- Toe ek daar aangekom het was my aandag gevestig op die persoon wat besig was om 'n toespraak te maak aan die gehoor binne-in die kerksaal. Ek het dus nie agter toe gekyk om te sien of daar nog mense was wat daar gestaan het of mense wat ingekom het en gestaan het nie.

Toe jy in die kerk ingekom het, was die persoon Esau Raditsela alreeds besig om 'n toespraak te maak? Die kerksaal ingegaan het? -- Ja, hy was.

So, jy weet nie presies wat hy alles gesê het by daardie geleentheid nie? -- Ja.

Is dit reg daar was ook nog ander mense saam met hom daar op die verhoog? -- Ja, twee persone wat saam met hom was op die verhoog.

HOF : Was dit al persone wat op die verhoog was, die drie persone? -- Ja, net die drie. Hyself en die ander twee.

MNR. JACOBS : Het daar nie nog ander persone gesit op die verhoog nie? -- Ek het dit nie opgelet nie.

Van die toespraak wat jy nog kan onthou toe jy in die kerk aangekom het, was waar hy gepraat het as die opmars die polisie ontmoet? -- Ja.

So, daar was 'n sterk moontlikheid wat voorsien was dat julle kan die polisie teëkom? -- Volgens my nie, want ek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het geen kennis daarvan presies wat gedoen gaan word wat eintlik onwettig is nie.

Maar is dit nie so nie dat jy het eintlik baie min kennis gedra van wat gedoen gaan word? -- Ja, dit is reg.

So, jy kan nie sê nie, maar die feit dat Esau daarso gepraat het van die moontlikheid dat die polisie ontmoet sou word, dit was 'n sterk moontlikheid, daarom was dit spesiaal geopper op hierdie vergadering. Is dit reg? -- Volgens sy eie kennis sal ek sê dit is reg, maar volgens my kennis was daar niks verkeerd gewees wat ons sou doen nie.

En is dit reg dat daarso is ook die moontlikheid voorsien en dit is ook genoem op daardie vergadering deur Esau Raditsela dat die polisie moontlik kan weier dat die mense aangaan met die optog na Houtkop toe?

MR BIZOS : Is this witness being cross-examined on the state of mind of Mr Raditsela? I submit the prosecutor is entitled to ask what Mr Raditsela said and argue to your lordship what he must have foreseen or not foreseen. The last two or three questions and particularly this one is really an interpretation that the witness is being asked as to what Mr Raditsela may or may not have thought or foreseen.

COURT : The last portion of this question deals with what "was genoem", or stated.

MR BIZOS : I am not objecting to what was said, but the portion of this question and the previous questions really are cross-examination of Mr Raditsela's state of mind through the opinion of the witness.

HOF : U moet die getuie vra oor wat hy gedink het en wat hy gesê het?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : My vraag kom daarop neer. Goed, kan jy net vir ons antwoord, ek sal dit so stel. Mnr. Raditsela het daar gesê wat gedoen gaan word as die polisie hulle voorkeer dat hulle nie kan voortgaan met die mars nie? -- Ja, hy het iets daaromtrent gesê.

Wat het hy gesê? -- Wat hy daaromtrent gesê het was dat ons moet onsself goed gedra in die optog en in die vorm van 'n optog stap en tweedens, as die polisie daar opdaag en ons voorkeer, moet ons nie daarvoor skrik nie. Ons moet maar kalm bly, want daar is mense wat dan met die polisie sal praat.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT

FAFALE CLIFTON LEPELE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u ook stel dat wat binne gesê was deur Esau in verband met die polisie was dat as die polisie traanrook sou gebruik om hierdie mars uiteen te jaag, dan moet die mense nat lappe saamvat? Want nat lappe help teen die traanrook? -- Nee, dit het ek nie gehoor nie.

Die twee persone wat binne-in die saal gepraat het, kyk 'n bietjie onder die beskuldigdes hierso soos hulle sit, kan jy enigeen van hulle erken as die persone wat daar gepraat het, twee van hulle?

HOF : As u kyk moet u ook na die persone kyk wat hier sit. want daar sit drie voor en die res is in die bank. -- Ek skat ongeveer die vyfde man van my regterkant af soos ek nou staan en kyk na hulle is een van die persone.

Sal hy net opstaan? Dit is beskuldigde nr. 17. -- Hy is die enigste een van die persone wat ek kan onthou waarvan ek praat.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Wat voor gestaan het saam met Esau Raditsela en ook gepraat het? -- Nee, nie daarbinne nie. As ek reg onthou hierdie persoon wat ek nou net uitgewys het hierso het ek daar buite gesien waar hy Esau se toespraak daar gestaaf het en gesê het hoe ons onsself moet gedra. Wat hy by gesê het ter stawing van wat Esau alreeds gesê het was dat ons moet onthou dat hulle is ou mense insluitende homself, ons moenie vinnig loop nie.

Was beskuldigde nr. 17 binne-in die saal, het jy hom daar raak gesien? -- Ek kan nie met sekerheid sê of hy daar was nie. Die rede daarvoor is dat die meeste van die mense daar was nie aan my bekend nie en ek kan wel onthou dat ek hom daar buite gesien het. Dit onthou ek, maar binnekant kan ek hom nie plaas nie.

Was daar enige plakkate binne-in die saal? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Toe u uit die saal gegaan het, is u van die eerstes wat uitgegaan het? -- Omdat ons so baie daar was, kan ek nie sê hoeveel het agtergebly en hoeveel is die eerste uit nie. Dit wil sê ek kan nie sê of die meeste van die mense saam met my uit was en of hulle uitgekom het na ek eers uit was nie.

Toe u nou uitgaan by die deur, het u opgemerk dat die plakkaatdraers reeds opgestel was naby die hek in 'n optog? -- Ek het plakkate gesien.

Naby die hek wat uit die perseel uit loop na daardie grondstraat toe? -- Ek het nie opgelet of hulle nou naby die hek was nie.

Maar waar het jy hulle dan gesien? Jy sê mos jy het die plakkaatdraers gesien? -- U sê hulle was naby die

hek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hek. Ek sê daar was baie mense gewees, want tussen daardie mense het ek opgelet dat plakkate hoog gehou word. Of hulle nou naby die hek was, kan ek nie sê nie.

My vraag sal ek weer herhaal aan jou. Ek vra jou 'n vraag, toe u uit die saal uitgekom het, het u opgemerk of mense reeds opgestel was in 'n optog naby die hek, die plakkaat-draers of wat die plakkaatdraers was? -- Toe ons uit die saal uitgekom het, dit is terwyl hulle besig was daar om ons in die rye te laat staan om die optog te vorm. Dus met my uitkom daar het ek opgemerk dat daar plakkate was daar maar ek kan nie sê dat ek dit wel gesien het dat hulle by die hek was nie.

En jou getuienis is ook tot die effek dat buitekant het net twee persone gepraat waarvan u nou beskuldigde nr. 17 identifiseer het as een van hulle? -- Toe ek dit gesê het, u moet onthou ek ken vir Esau, het ek bedoel dat van die onbekende persone behalwe Esau het ek twee persone gesien praat. Beskuldigde nr. 17 is een van die twee. As ek almal moet noem wat buite gepraat het, dan is hulle drie, as ek Esau by tel.

Verander jy nou jou getuienis wat jy Vrydag gegee het en gesê het dat net twee persone het buitekant gepraat? -- Ek sal verstaan dat ek die vraag soos volg van u verstaan het. U praat van persone wat ek nie ken nie, want u het geweet ek ken vir Esau. So, in my antwoord het ek geantwoord op die vraag dat ek praat van onbekende persone.

Kom laat ons net duidelikheid kry. Ek stel dit nie op vrae wat ek gestel het nie, maar jou getuienis-in-hoof en jy het nie op 'n vraag van my geantwoord nie, toe het jy gesê "It is not the same people who spoke outside. Two

persons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

persons spoke outside"? -- Nee, my getuienis is dat ek twee persone gesien het daar buite praat en die twee persone is nie dieselfde twee wat daar binnekant gepraat het nie.

In jou getuienis-in-hoof het jy ook gesê dat "those people who spoke outside are not known to me" en toe kwalifiseer jy dat dit net twee was? -- Ja, dit was twee persone gewees.

Hoekom het jy nie vir die hof gesê dat Esau het ook buitekant gepraat nie? -- In my getuienis-in-hoof het ek getuig dat Esau wat aan my bekend is, het gepraat in die saal en daar was nog ander persone gewees. Nou hier buite, omdat ek alreeds gesê het dat Esau gepraat het, het ek aanvaar dat dit van my verwag word as ek gevra word om te sê hoeveel mense daar gepraat het, dat daar bedoel was hoeveel mense het daar gepraat wat ek nie ken nis. Dus het ek net melding gemaak van die twee onbekende persone wat gepraat het en toe nie Esau genoem nie, omdat ek gedink het dat dit nie nodig was nie.

Die twee ander persone waarvan beskuldigde nr. 17 een is, het hulle bevestig wat Esau binne of buite die saal gesê het? -- In beide gevalle, want Esau daar buite het herhaal wat hy alreeds gesê het binne-in die saal dat hy alreeds vir ons gesê het ons moet ons self goed gedra en verder toe gepraat van wat hy ook in die saal gesê het. Die twee persone het buite wat hulle gesê het, was ter stawing daarvan wat hy hier buite gesê het sowel as wat hy binnekant gesê het, want dit was maar dieselfde.

U sien in jou getuienis-in-hoof het ook weer anders gesê. Jy sê "They said we must stand in a line and they supported what Esau said inside"? -- Ja, dit is wat hy

weer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weer hier buite herhaal het.

Jy sien, jy het nooit vir die hof gesê Esau het buite gepraat en hy het herhaal wat hy binne gesê het nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het die indruk gekry dat daar buite moet ek net die mense noem wat ek nog nooit vantevore van gepraat het nie, want Esau is bekend aan my en ek het toe nie melding van hom gemaak nie.

K1101 Het u beskuldigde nr. 9 (sal hy net opstaan) by daardie optog gesien? -- Ek het hom nie opgelet nie.

Ken jy eerwaarde Mahlatsi? -- Ek ken hom nie.

Ken jy 'n persoon met die naam van Modise Mthombeni? -- Ek ken hom ook nie.

Kan jy vir die hof sê hoe is hierdie opmars opgestel? -- Bedoel u daar buite?

Ja, ek weet nie waar is hy anders opgestel nie. Hy is seker daar buite opgestel. -- Ons het in rye gestaan daar buite. Terwyl ons daar in die rye gestaan het wat vir ons gesê was, was die volgende. Dat ons onsself goed moet gedra en as die polisie kom, moet ons nie weghardloop nie, ons moet ook nie skrik nie, want daar is sekere persone wat met die polisie sal onderhandel.

Deur wie is dit gesê? -- Dit was deur Esau gesê. Hierdie ou man, met verwysing na beskuldigde nr. 17, het dit toe gestaaf. Die ander persoon ken ek nie, dit is nou die tweede persoon wat daar met hom gepraat het.

As ek dan jou getuienis nou reg verstaan dan het Esau, die ou man en die derde persoon, die ou man synde beskuldigde nr. 17, julle toegespreek nadat julle reeds in 'n optog opgestel was? -- Dit was nie almal wat in die rye was wat daar op die perseel teenwoordig was nie, want daar was

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die mense wat heen en weer daar beweeg het.

Is dit die "marshalls" wat heen en weer beweeg het? -- Ek sal nie kan sê of dit hulle was of nie, want selfs die "marshalls" was nie aan my bekend nie.

Maar hoekom antwoord jy nie? Jy het nou-nou vir die hof gesê julle was gevra julle moet in die rye gaan staan en daarna het Esau gepraat. Nou vra ek net was die mars kant en klaar opgestel of was die groot meerderheid van die mense reeds opgestel in die mars? Dit is toe Esau en die ander julle toegespreek het? -- Ek kan sê ek en die mense waar ek was, was alreeds in die rye gewees wat die optog vorm en daar was nog mense wat besig was om posisies in te neem in die rye wat dan die optog vorm toe dit gebeur het.

Waar was die plakkaatdraers toe julle nou posisies in rye geneem het, jy self persoonlik? -- Hulle was voor.

Het hulle reeds hulle posisie al ingeneem gehad? -- Ek sal so sê, ja, dat hulle alreeds posisie ingeneem het.

Het hulle reg gestaan om te loop met hulle rug na julle toe? -- Van die mense het gestaan en na ons rigting toe gekyk. Dit is hoe ek daarin geslaag het om te kan sien wat op die plakkate geskryf is.

Maar ander het weggestaan? Jy sê van hulle het na jou toe gestaan en die ander weg? -- Ja.

Is dit die jong mene wat die plakkate gedra het? -- Jong mense? Wat bedoel u daarby?

Is dit jong mense wat die plakkate - weet jy wat is ŉ jong mens? -- Ek verstaan ŉ jong mens soos volg, byvoorbeeld ou mense wat my ouers se portuur is kan na my toe verwys as ŉ jong mens.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : So, ŉ jong mens is altyd iemand wat jonger is as die persoon wat verwys? -- Ja, ŉ ouer persoon as wat ek is, kan my as ŉ jong mens noem.

Nou die vraag is, het die jeug die plakkate gedra of het ŉ ander groep as die jeug die plakkate gedra? -- Nee, nou verstaan ek. Dit is persone van die ouderdomme soos deur my genoem. 25 plus of 20 tot 25 se ouderdomme was die jeugdiges wat ek na verwys wat die plakkate gedra het.

MNR. JACOBS : Jy het gesê jy het van die plakkate gelees? -- Ja. (10)

En die eerste voorbeeld wat jy in jou getuienis-in-hoof gegee het is ŉ plakkaat waarop gestaan het "Asinamali"? -- Ja, dit is so.

Is dit al wat op daardie eerste plakkaat gestaan het? -- Ja, op daardie plakkaat was dit net geskryf "Asinamali".

Die tweede plakkaat wat jy gelees het het jy gesê het op gestaan "Councillors must resign"? -- Ja, dit is die een.

Is dit al wat op daardie plakkaat gestaan het? -- Ja, dit is al.

En die derde een wat jy gesê het wat jy gelees het (20) is "Rent be decreased." -- Ja.

Is dit al wat op daardie plakkaat gestaan het? -- Ja.

Is jy seker daar het nie meer dinge op die plakkate gestaan nie? -- Die drie soorte plakkate wat ek van praat was net so geskryf toe ek dit gelees het. Daar was niks anders by wat op hierdie verskillende plakkate aangebring was nie.

Soos ek jou getuienis verstaan het was dit drie plakkate wat jy gelees het? -- Dit is wat ek nog onthou.

Die ander kon jy nie sien nie, omdat die mense wat (30)

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle gedra het met hulle rug na jou toe gestaan het? -- Die drie is wat ek kan onthou. Die ander plakkaatdraers wat met die rug na ons kant toe gestaan het toe ek die drie gesien het, met die optog se beweging het die res wat met die rug na ons toe gestaan het af en toe omgekyk na agter toe, waarop ek dan kon sien wat op die plakkate geskryf was. Dit is dié wat ek nie vroeër gesien het nie. Maar ek kan nou nie onthou wat eintlik op die plakkate in skrif aangebring was nie.

Nou verstaan ek eintlik jou getuienis glad nie. Beteken dit nou hier loop die mense in die optog en nou draai hulle om en dan kyk hulle terug en dan lees jy nou die plakkate en dan draai hulle om en dan loop julle maar weer aan? -- Nie dat hulle met die oog daarop gedoen dat ons dit moet lees wat op die plakkate geskryf staan nie. Byvoorbeeld as 'n mens agter jou stap en die persoon begin met jou praat en jy hou 'n plakkaat en jy wil na die persoon kyk, die hele lyf van jou sal draai om na die persoon te kan kyk. Met die gevolg is dat die plakkaat wat jy dra outomaties draai en aan die kant van die mense wat van agter af kom.

Met ander woorde hierdie persone het heeltemal omgedraai en die plakkaat het heeltemal teruggewys na julle toe? -- Dit is nie 'n kwessie daarvan dat die mense almal gelyktydig omgekyk het na ons toe dat ons kan sien wat op die plakkate staan nie. Dit het gebeur dat byvoorbeeld enkele persone met mekaar gepraat het met die een agter hom en as daardie een besluit om om te kyk met die plakkaat in sy hand, dan kyk sy hele lyf na agter toe. Dit beteken dus dat die plakkaat self, dit is die voorkant van die

plakkaat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

plakkaat self ook na agter toe wys, dat mense kan sien wat daar op staan.

En dan loop die persoon wat die plakkaat dra agteruit? -- Laat ek dit so stel. Hier stap nou mense agter mekaar en die een trap die ander een van agter af of pootjie hom van agter af, onbewus daarvan dat dit gebeur het en die een voor besluit nou om hierdie een te vermaan hier agter en te sê "Kyk, jy trap my" of "Wees versigtig", sal daardie persoon om dit te doen nie omkyk en met die persoon agter hom praat nie?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ja en wat sou hy nou byvoorbeeld doen as die persoon agter hom vir hom sê "Man, draai ʼn bietjie daardie plakkaat op jou skouer om sodat ek kan lees wat daarop staan"? -- Dit is ook ʼn moontlikheid. Dit kan gebeur.

MNR. JACOBS : En jy was ʼn taamlike ent, ten minste seker omtrent 200 treë van die voorpunt van die optog af. Is dit reg? -- Ek weet nie wat die lengte was of die distansie tussen die twee punte was nie, maar ek was tussen die tweede of die derde groep. Dit is die tweede kwart of die derde kwart van die optog.

As die optog ongeveer 500 treë lank was, dan moes jy in die middel omtrent gewees het, dit is meer as 200 treë van die voorpunt af? -- Ek verstaan net nie hoe nie, want ek het nie geweet wat die getal van die mense in die optog was nie.

Kom ons maak dit makliker. Was jy ver van die voorpunt van hierdie optog af?

HOF : Kom ons maak dit nog makliker. Dit word beweer dat die optog 500 meter lank was ongeveer. Dit wil sê ongeveer vyf voetbalvelde. Dus word dit nou beweer dat u darem

seker/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

seker twee voetbalvelde van die voorpunt af was. Wat sê u van so ŉ bewering? -- Ek bevind myself in ŉ ongelukkige posisie. Ek weet nie wat die lengte van ŉ voetbalgrond is nie, maar wat ek vir die hof kan sê is dat ek was tussen die tweede kwart of die derde kwart van daardie hele optog.

Is u nie ŉ aanhanger van voetbal nie? -- Nee, ek is nie.

Wat is u sport? -- Ek het nie ŉ sport nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net aan u stel waar u sê u in die mars was, dan kon u dit nie gelees het nie, al het hulle omgedraai aan die voorpunt wat op daardie plakkate staan nie. Dit is te ver. -- Ek stem nie saam met u nie. Die plakkate was in drukskrif geskryf.

Geskryf of gedruk? -- Handgeskrewe.

Hierdie optog voordat hy nou begin het, het hy leiers gehad behalwe die plakkaatdraers wat voor geloop het? -- Ek het geen kennis daarvan nie.

Kyk, Esau Raditsela is die man van die VCA en hy het daar gepraat op daardie vergadering. Het hy nie na die voorpunt toe gegaan toe julle nou opgestel was en die optog nou moes beweeg nie? -- Ek weet nie, want die laaste van hom wat ek gesien het was na hy daar buite gepraat het. Wat toe later van hom geword het, weet ek nie.

Maar jy mos tog gesien het julle is in ŉ optog alreeds, hier praat hulle nou, hier staan hulle, hy en beskuldigde nr. 17 en die ander. Jy moes tog gesien het waarheen loop hulle weg toe hulle klaar gepraat het? Jy het mos gekyk na hulle en geluister na hulle? -- Dit het my nie bygeval om te dink dat ek kon sien watter rigting hy gaan neem vanwaar hy gepraat het nie. Al wat in my gedagte gebeur het is dat ons nou op die optog was, ons gaan nou na Houtkop toe.

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Toe daardie mense daar gepraat het, Esau en die ander mense, het hulle nie gevra vir vrywilliges om hierdie mars te lei nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het daar toe nie mense na vorentoe gekom en gesê hulle as vrywilliges is bereid om die mars te lei nie? -- Dit het ek nie gehoor nie. Ek het net daar gesien dat ons nou begin loop met die optog daar. Dit is al.

Maar as 'n mens tog vra vir vrywilliges daar, dan vra hulle tog al die mense, dan moes jy dit gehoor het? -- As ek dit gehoor het dat dit gesê was, sou ek al vir die hof gesê het, maar omdat ek dit nie gehoor het nie, het ek hier vir die hof vertel van wat ek gehoor het wat dit is wat hy gesê het.

Die BP Garage is nie baie ver van jou huis af nie, nè? -- Dit is ver.

Van Masenkeng, dit is 'n busstop, kry ons 'n busstop tussen hom en BP Garage wat naby jou huis is. Met ander woorde, dit is nader na die BP Garage toe van jou huis af as na die kerk toe, die Roomse Kerk waar julle bymekaar gekom het?

HOF : Ek dink u is daar verkeerd, maar u kan maar die getuie vra.

MNR. JACOBS : Ek het dit gestel op die basis dat hy gesê het tussen hom, sy huis na die Indiërwinkels toe is nog 500 jaarts en dan is dit nog verder aan na die kerk toe.

HOF : Wat is die antwoord?

MR BIZOS : It is about six times - BP Garage is about four or five times at least further away.

MNR. JACOBS : Wat sê jy? Die BP Garage is nie baie ver van jou huis af nie?



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Daardie vraag is geantwoord. Die antwoord is dit is ver.

MNR. JACOBS : Is BP Garage nader aan jou huis byvoorbeeld as die Roomse Kerk? -- Dit is albei ver. As ek moet sê nou terwyl ek hier staan, sal ek sê die garage is meer verder as wat die kerk geleë is.

Daardie oggend van 3 September 1984 ongeveer vanaf 07h00 tussen 07h00 en 08h00 was daar by die BP Garage 'n skietery deur die polisie. Jy moes dit tog sekerlik gehoor het? -- Nee, daar was geen skietery daar gewees nie.

Hoekom sê jy daar was geen skietery nie? Is jy seker daarvan of weet jy nie of dit so was nie? -- Ek weet want indien daar enige polisie was, wat geskiet het daar, sou ek weggehardloop het.

So, is jou huis naby genoeg aan die garage dat as daar 'n skietery was sou jy dit gehoor het? -- Nee, dit lyk vir my ons verstaan nie mekaar nie. Ek antwoord op 'n vraag onder die indruk dat u bedoel dat terwyl ons in die optog was, as daar geskiet was sou hy gehardloop het.

Het u geluister na die vraag, want ek het u verwys na 07h00 daardie oggend, nog voordat u u huis verlaat het? -- O, nee, ek het gedink u praat van tydens die optog, maar as u nou praat van 07h00 in die môre of daar geskiet was, of ek daarvan weet, nee, ek weet nie daarvan nie.

En toe die mars daar verbygegaan het, stel ek dit aan u moes u daar padversperrings gesien het, want daar was padversperrings al sedert 07h00 daardie oggend daar of net na 07h00 die oggend? -- Nee, met ons verbygaan daar, was daar geen padversperrings daar nie.

En as die getuienis van die polisie is dat hulle net

na/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na 07h00 daardie oggend was daar aanvalle op busse en daar was padversperrings opgesit, wat sal u daarvan sê? -- Ek weet nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat toe u nou daar naby BP garage gekom het, die plek waar u in die mars was, het jy glad nie opgelet na wat gaan voor by daardie mars aan nie? -- Soos wat?

Jy het nie opgelet na vorentoe nie. Jy het hier by jou gekyk, by die mense by jou? -- As daar iets is wat daar voor gebeur al is ek nie daar nie, sal ek daarvan bewus word as gevolg van die vermindering van spoed van die optog. As die spoed verminder is, sal ek wil weet wat die oorsaak is en dus na vorentoe kyk.

En die mense voor jou belemmer ook jou uitsig? -- Al het die mesne my uitsig belemmer, ek sal nogtans in staat wees om vir u te kan sê dat daar iets gebeur het daar, al weet ek nie presies wat nie.

Dit is ook presies wat gebeur het. Jy sê iets het gebeur daar maar jy weet nie presies wat nie. Was die voorpunt van hierdie mars net 'n deurmekaarspul gewees? -- Wat ek sê is dat terwyl ons daar aangestap het, is daar mense wat by ons optog aangesluit het daar voor.

Ek wil dit aan u stel dat u het nie gesien dat daar mense aansluit nie. U het net 'n deurmekaarspul daar voor gesien? -- Ja, dit is reg dat ek eintlik nie 'n belang gehad het om te sien presies wat daar gebeur nie, behalwe dat ek net bewus geword het van mense wat daar aansluit.

Jy het nie eers gesien hulle sluit aan nie. Jy het net mense daar voor gesien, 'n hele klomp in die interseksie? -- Ek weet. Terwyl die optog nog aangestap het, het ek

daarvan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daarvan bewus geword dat die spoed verminder word van hierdie optog. Met dit het ek opgekyk en gesien dat daar mense was wat aankom om by ons optog se voorpunt aan te sluit.

O, jy het nou mense gesien aankom om by die voorpunt aan te sluit. Waar was hierdie mense nou wat aangekom het wat jy gesien het? -- Die voorpunt van die optog het alreeds die swenk van die pad na regs voltooi.

Julle optog het alreeds die swenk voltooi. Hoe ver was hulle al verby die punt waar die swenk plaasvind? -- Wil u weet presies waar die voorpunt van die optog was toe dit gebeur het?

HOF : Nee, nee, in verhouding met die swenk van die pad, hoe ver was hulle al verby die draai in die pad? -- Ek kan net nie sê hoe ver dit verby was nie, behalwe om vir die hof te kan sê dit was al net 'n entjie verby die draai.

MNR. JACOBS : As jy kon sien hulle is verby die draai, dan moet jy darem ten minste vir die hof kan sê hulle is tien treë al verby die draai of twintig treë of honderd treë? -- Ek kan nie getuig hoeveel ver, dit wil sê die treë die voorpunt was vanaf die draai nie, behalwe om vir die hof te sê dat die voorpunt alreeds die draai voltooi het en verby die draai was.

HOF : Waar was u in die optog? Aan die linkerkant, die regterkant of in die middel van die optog? -- Ek was in die middel.

MNR. JACOBS : Jy sien nou julle optog se voorpunt is verby die draai. Waar was die ander groep? -- Watter ander groep? Wat by ons optog aangesluit het, bedoel u?

Ja, dit is tog al wat daar was of was daar iets anders ook? -- Dit het van voor af gekom, dit wil sê ons voorpunt

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van voor af genader.

Jy het hulle nog gesien aangestap kom na julle opmars se voorpunt toe? -- Ek het eers bewus geword van die spoed van die optog wat verminder was wat normaal is natuurlik vir ʼn mens om te doen. As jy sien ʼn mens kom van voor af, is dit ʼn klomp mense wat by ʼn ander klomp mense van voor af kom. Outomaties het ons mense toe die spoed verminder. Met dit het ek opgekyk om te sien hoekom hulle die spoed verminder. Dit is toe op daardie stadium dat ek opgemerk het dat daar mense was, dit is die klomp wat van voor af gekom het, na ons voorpunt toe om by hulle aan te sluit.

Sal jy my vraag nou antwoord, asseblief? -- Ek sê in antwoord dat ek is nie in staat om vir u te sê hoe ver hulle was van ons voorpunt af nie. Al wat ek vir u kan sê is dat hulle was nie meer ver van ons voorpunt toe ek van hulle bewus geword het nie.

My vraag was, het jy gesien daardie mense loop aan na julle mars toe? Jy het gesien hulle is in beweging? --Ja, u sal moet verstaan, al het ek hulle nie gesien nie, dat as ʼn mens na jou toe kom van voor af, beteken dit dus dat ons optog gestaan het terwyl hulle van voor af gekom het.

Jy sien, jy het vir my nou twee dinge hier gesê wat vir my besonder interessant is. Jy sê "Al het ek hulle nie gesien nie." Wat bedoel jy daarmee? -- Dit lyk my u verstaan my nie. Wat ek aan u sê is dat na aanleiding van die feit dat ons optog die spoed verminder het en nie tot stilstand gekom nie, ek het nooit so gesê nie, het ek opgemerk en opgekyk en toe gevind dat daar mense is, dit is die ander klomp, wat van voor af kom. Ons optog is nie in ʼn stilstaande posisie nie.

U/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

U gaan nie so maklik daarby wegkom nie. U het ŉ antwoord gegee op ŉ vraag van my en u het gesê in daardie antwoord "Al het ek hulle nie gesien nie." Wat het u daarby bedoel? U moet vir die hof ŉ antwoord gee, asseblief? -- Nee, u vraag vroeër was dat ek niks gesien het wat daar voor plaasgevind het nie en my antwoord daarop was dat ek wel gesien het. Dit het ek gesien omdat ons optog se beweging stadig geword het. Dit was na aanleiding daarvan dat ek gesien het dat daar iets daar voor gebeur het.

So, u wil nie my vraag antwoord nie. U wil nie vir die hof ŉ verduideliking gee wat u bedoel het toe u gesê het "Al het ek hulle nie gesien nie"? -- Nee, u het dit verkeerd. My antwoord was volgens u het ek nie gesien wat daar voor gebeur het nie en ek sê al sê u byvoorbeeld, as ek sê al het ek nie gesien, soos u beweer ek nie gesien het nie, ek sê ek het gesien.

Jy sien, die tweede punt wat ek na verwys het toe jy daardie antwoord gegee het "Al het ek nie gesien nie en al het ons gestaan" en toe het jy verder voortgebrei. Met ander woorde, is dit dan korrek dat die optog van julle het gestaan? -- Nee, u probeer nou om vir my in ŉ hoek te dryf deur te sê dat ek gesê het die optog het gestaan. Ek het gesê die optog het stadig beweeg. Ek het nooit gesê dat die optog gestaan het nie.

Ek sal my vraag nou herhaal wat ek vir jou gevra het toe jy jou antwoord gegee het. Nou vra ek weer vir jou en as jy nie wil antwoord nie, dan los ek dit daar. Ek het vir jou gevra het jy daardie mense wat van voor af gekom het fisies gesien aanbeweeg na julle kant toe dat hulle loop? -- Ja, ek het.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was dit net ŉ groot klomp mense wat in ŉ groep aanbeweeg gekom het na julle kant toe? -- Ja, dit was ŉ klomp.

Het hulle die hele pad oor die teerpad op die sypaadjies geloop sommer in ŉ bondel? -- Hulle was op die teervlak gewees. Al was daar miskien ander mense gewees wat op die skouer was van die pad, was my aandag gevestig op die klomp en verbaas oor die klomp wat op die teervlak was.

Het jy mense op die skouer van die pad gesien of nie? -- Ek het hulle nie gesien nie, my aandag was gespits op die persone wat op die teervlak was, want hulle was die meeste.

Hoe ŉ groot groep was dit? -- Dit was ŉ groot klomp.

Meer as julle in julle optog? -- Volgens my waarneming daardie klomp kon nie meer as ons optog gewees het nie. As dit baie was, kan dit miskien dieselfde getal gewees het as ons, maar ek twyfel.

Hoe skat jy? Omtrent dieselfde getal as julle? -- Ek sal nie kan sê nie, want ek het nie heel agter gekyk om te sien hoe ver hulle kom nie, maar ek het net na die voorpunt van die mense gekyk.

Is dit meer as die mense van waar jy was tot die voorpunt van julle mars, meer as daardie hoeveelheid mense? -- Ek skat die klomp ongeveer van my voorpunt af na ongeveer op die punt waar ek was van die optog of ŉ bietjie verder terug.

So, dit is ŉ baie lang stoet mense wat daar aangekom het? -- Ja. volgens wat u my gevra het om ŉ skatting te gee. Dit is ŉ skatting. As jy mense van voor af sien, kan jy ŉ skatting gee van ongeveer hoeveel daardie mense kan wees of wat die lengte is van daardie mense in daardie proses wat hulle op is.

Maar stem jy saam om so baie mense te wees moes dit



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ŉ lang proses gewees het van mense op daardie teerpad wat van voor af gekom het? -- Weet u wat, soos ek nou verduidelik het, het ek nie ŉ beter verduideliking as dié wat ek nou net vir u gegee het nie.

Was hierdie groep mense, groot klomp mense wat van voor af gekom het, in ŉ optog opgestel? Om enige verwarring te voorkom, soos hulle aangekom het, voordat hulle aangesluit het by julle optog? -- Dat hulle in ŉ optog opgestel was?

Het die mense langs mekaar in rye geloop soos hulle aangekom het? -- Ek sal dit nie weet nie, maar volgens my waarneming dié wat heel voor was van daardie klomp het ek nie die indruk van gekry dat hulle opgestel was nie.

Was dié wat heel voor was nie plakkaatdraers gewees nie? -- Ek het nie van hierdie klomp plakkate gesien nie.

Hierdie klomp mense wat nou so van voor af kom, toe hulle by julle optog kom, het hulle seker net omgedraai en toe ŉ nuwe voorhoede vir hierdie optog van julle gevorm? -- Ek weet nie of hulle daar met mekaar gepraat het of nie, maar wat ek wel toe daar bewus van geword het was dat die optog sy spoed herwin het na die normale spoed wat die optog beweeg het net voor hierdie voorval.

Maar jy moes tog gesien het of daardie mense - jy het mos nou gekyk, het hulle ingesluip, ingekom in julle optog of het hulle net omgedraai en ŉ nuwe voorhoede gevorm? Hoe het hulle aangesluit? Jy het mos vir die hof gesê jy het gesien hulle sluit aan? -- Ja.

Is dit so? -- Ek het hulle gesien toe hulle daar van voor af gekom het om te kom aansluit. Dit kan wees dat ŉ mens vanaf ŉ distansie met ŉ ander een praat. ŉ Persoon wat in my posisie staan in die getuiebank, sal in staat kan wees

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om met ŉ persoon te praat wat omtrent by hierdie muur is. Dit is die lengte van die hof.

HOF : Drie, vier meter.

MNR. JACOBS : Met ander woorde, die voorpunte het tot drie vier meter van mekaar af gekom? -- Ja, omtrent daardie distansie.

Nou sien jy hulle is drie tot vier meter van mekaar af. Het jy gesien die mense praat met mekaar? -- Nee, ek dink maar dit is wat daar gebeur het dat hulle met mekaar gepraat het, want onmiddellik daarvandaan het ons toe verder aan beweeg. Ons het nie gestaan nie.

My vraag aan jou is, jy is so bekommerd om vir die hof te sê julle het gestaan en jy is so bang om dit te sê. Ek kan nie verstaan hoekom nie. Hier kom julle drie tot vier meter uit mekaar kom die twee voorpunte, nou sien jy mos daar is die ander optog of die groep mense wat kom, nou kan jy mos vir die hof sê, het hulle net daar omgedraai en toe volg julle hulle almal nog in dieselfde roete en julle gaan nou aan of wat het gebeur? -- Dit is wat ek probeer verduidelik. Ek sê ons optog het spoed verminder as gevolg waarvan ek opgekyk het en gesien het dat daar mense was wat by die optog aansluit daar voor. Dit is die mense wat van voor af gekom het. Dit is logies dat daardie mense nie sommer so sal aansluit sonder dat daar iets gesê is nie.

Maar jy ontwyk my vrae. Jy het net een storie geleer en dit is waarmee jy aanhou. Dit is ŉ eenvoudige vraag. Jy sê vir die hof jy het gesien hoe die mense aansluit, hoe kom hulle aan? Is dit reg? -- Ja, ek het hulle gesien.

Jy het gesien die twee groepe mense, julle groep en hulle groep kom ongeveer vier, vyf meter van mekaar af.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit reg? -- U sal nou die volgende moet verstaan. Toe daardie klomp aangekom het, het ons optog se spoed verminder. Dit was op daardie manier dat ek in staat was om die aankomende persone van voor af te sien. Dit is op daardie stadium dat ons bewus geword het van die mense dat die mense kom aansluit. Met die mense se aansluit, hoe hulle aangesluit het fisies, kan ek nie sê nie, maar al wat ek vir die hof kan sê is dat ek het net bewus geword dat die mense alreeds omgedraai het daar.

HOF : Die vraag wat ontstaan is, waarom kan u nie sê hoe hulle fisies aangesluit het nie? Hoekom moet ons so lank sukkel daarmee? -- Hulle het met ons voorpunt saam gedraai dit wil sê saam met ons voorpunt in die rigting gegaan wat ons geloop het.

MNR. JACOBS : Het hulle net omgedraai in die pad soos wat hulle gestaan het? -- Volgens my waarneming, of daar iets gesê was, dit weet ek nie, maar wat ek gesien het daar gebeur is dat hulle daar omgedraai het saam met ons voorpunt in dieselfde rigting beweeg het.

HOF : Dit is nou maklik om die vraag te beantwoord en ek weet nie waarom ons so ontsettend sukkel nie. As u nie gesien het nie, moet u net sê u het nie gesien nie. Dan los ons die ding. Het hulle nou omgedraai en voor die plakkaatdraers geloop of het hulle omgedraai en iets anders gedoen? Wat het hulle gemaak? -- Hulle het by ons voorpunt aangesluit.

Hoe? -- Hulle het by die voorpunt aangesluit en saam met daardie mense daar geloop.

Hoe? -- Kyk, wat ek daarby bedoel is dat die mense het by hierdie mense aangesluit dat hulle tussen die mense

ingetree/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ingetree het en saam met hulle omgedraai.

MNR. JACOBS : Maar dan kon dit nie so baie mense gewees het soos jy vir die hof gesê het nie? -- U moet dit so verstaan, as die twee voorpunte so mekaar daar ontmoet, dit wil sê die ander tussen die ander voorpunt plek inneem, is òf die mense agter die ander klomp sal omdraai daar waar hulle is en wag vir hierdie voorpunte wat mekaar ontmoet het om hulle verby te gaan en agter hulle in te val of hulle sal sommer omdraai en verder in dieselfde rigting stap.

HOF : Die getuie demonstreer met sy twee hande oop, die vingers 'n entjie van mekaar af en die vingers word dan langs mekaar ingeskuif van weerskante af.

MNR. JACOBS : Kyk, ek wil dit aan u stel sommer uit en uit, hierdie storie wat u nou vertel van die mense wat van voor af gekom het en aangesluit het, is 'n bog storie wat jy vertel, dit het nie gebeur nie, daarom kan jy nie vir die hof vertel wat daar gebeur het nie? -- Dit is omdat ek nie al die vrae so goed verstaan nie. Daar is sekere gedeeltes van u vrae wat ek nie volg nie. Volgens my antwoorde wat my betref, antwoord ek korrek op die vraag wat ek verstaan het.

HOF VERDAAG TOT 14h00. HOF HERVAT OM 14h00.

K1102 FAFALE CLIFTON LEPELE, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel, u is reg, daar by die interseksie het iets gebeur maar dit het anders gebeur as wat u gesê het. Wat werklik daar gebeur het is uit daardie steeg by die interseksie het mense uitgekom na julle mars toe en dit is die mense wat daar gekom het uit die steeg uit? -- Nee, ek het nie mense daar gesien nie.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat toe gebeur het, is hulle het daar ʼn verslag gedoen en toe is daar mense uit die mars uit, die voorpunt is daar in die steeg in op waar die huis van Caeser Motjeane aangeval is?

MR BIZOS : Whose evidence is it that they made a report to the people in the march? Whose evidence is the prosecutor quoting? Or is it something that is nipped out of the air?

MNR. JACOBS : Die getuienis was gewees dat mense het uit die steeg uitgekom en hulle het daar gesê dat daar is die hond en die skietery wat daar plaasgevind het aan die mense van die mars, dat Esau toe gesê het hulle moet kom en dat hulle daar in die steeg in opgegaan het. Daar was getuienis van die staat mense het uit die steeg gekom en daarso gesê.

MR BIZOS : There was no evidence that this was said by people coming out of the lane. IC.8 said that when he approached the intersection he heard someone saying "Daar is die hond." That is as far as the evidence goes.

COURT : Was there not evidence that those people had come from the lane from the direction of Motjeane's house?

MR BIZOS : No, with respect. IC.8 actually conceded the version which my learned friend has described to the witness, if I remember the Afrikaans correctly of "ʼn hoog storie." IC.8 actually conceded that.

MNR. JACOBS : In elk geval, ek dink nog die getuie is geregtig, as ek dit aan hom stel, die afleiding dat ek aan hom stel dat mense uit daardie steeg uit gekom het en daar aangesluit het, dat daarna is ʼn deel van die optog in die steeg in. Ek dink ek is geregtig om dit aan hom te stel.

HOF : Al wat u aan hom moet stel is dat mense wat op die hoek gestaan het vir die mense in die optog gesê het "Daar

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is die hond en dat die optog toe in die steeg in op is. Of dat van die optog se mense in die steeg in is.

MNR. JACOBS : Mense van die optog is in daardie steeg op daar? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

En dat Motjeane se huis toe daar aan die brand gesteek is asook voertuie van hom? -- Dit weet ek nie van nie.

En dat as dit daar gebeur het terwyl die optog daar in daardie teenwoordigheid in daardie nabyheid was, stel ek dit aan u dan moes u gesien het die rook wat daar uitgeslaan het? -- Die enigste rook wat ek gesien het was die rook van die stowe se rookpype en die brand van vuilgoed daar buite.

Kom ons toets daardie brand van vuilgoed daar buite. Het u gesien dat vuilgoed brand daar buite? -- Nee, u moet my nie misverstaan nie. U praat van rook wat by Caeser se huis was. Ek sê ek het nie daardie rook gesien nie. Ek sê ek het die normale soort van rook gesien wat gewoonlik daar is as gevolg van die stoof se rook asook wanneer mense vuilgoed brand.

Sal jy net my vraag antwoord, ja of nee. Het jy gesien dat vuilgoed word verbrand daardie dag? -- As ek rook sien, sal ek dit nie opvolg om te kan sien wat is nou daar aan die brand nie, maar wat ek wel sê is dat daar was rook gewees wat ek gesien het.

Sal jy nou my vraag antwoord? Het jy vuilgoed gesien wat aan die brand gesteek is, ja of nee? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

So, jy vertel dinge vir die hof wat jy nie gesien het nie as ŉ feit? -- Die posisie is so, as daar vuur gemaak is in ŉ stoof, dan sal ek deur die rookpyp van ŉ stoof sien dat daar vuur gemaak is in ŉ stoof en as dit rook is wat ek

sien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sien wat rook is van ŉ konka vuur, dan sal ek kan sien dat dit rook is van ŉ konka vuur buite. Ek sê die tipe rook wat ek gesien het, is die rook wat altyd daar is as vuur gemaak is in ŉ stoof of ŉ konka vuur.

Het jy gesien dat daar konka vure was in die omgewing van Caeser Motjeane se huis? -- Ek het nie eers geweet waar Caeser Motjeane bly op daardie tydstip nie en wat ek verder sê is dat normaalweg kry ŉ mens rook in die lokasie as hierdie twee tipe vuurmaakplekke gebruik is, naamlik die stoof en die konka vuur en dit is daardie tipe rook wat ek gesien het.

Het jy in die omgewing van die interseksie waar die groot klomp mense aangesluit het wat jy vir die hof van vertel het na bewering konka rook gesien? -- Nee, ek het nie gesien dat daar konka vuur gemaak was nie, maar vanaf die rigting wat ons gekom het, het ek rook gesien die hele pad en ek was daarvan bewus dat mense vuur gemaak het van ôf die konka ôf die stoor.

Hoe was jy daarvan bewus as jy dit nie gesien het nie? -- Volgens u vraag is dit asof ek geweet het waar Caeser Motjeane woon. Ek het nie geweet nie.

Hoekom ontwyk jy my vrae? Hoekom antwoord jy nie? Sê net vir my? -- Ek ontwyk nie u vrae nie. Ek antwoord net op die manier wat ek weet.

Ek sal vir jou nog een vraag vra, het jy daar gesien in die omgewing van die interseksie waar die mense aangesluit het dat enige skoorstene rook? -- Daar was vuur gemaak in verskillende plekke se stowe. So, daar was baie rook gewees.

Het jy skoorstene gesien rook? Dit was my vraag? -- Ja, ek het.

Waar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Waar het jy hulle gesien rook? -- By al die huise in daardie omgewing.

Hoekom het jy spesiaal gekyk na die skoorstene wat rook? -- U vraag is of ek rook gesien het. Ek sê ja, ek het rook gesien en ek het rook gesien in die algemeen soos gewoonlik as mense vuur gemaak het. U wil hê ek moet sê ek het ŉ spesiale rook gesien. Ek het nie ŉ spesiale rook gesien nie. Ek het net die rook gesien soos gewoonlik as daar rook is.

Ek wil dit aan u stel dat u kan nie vir die hof sê hoe ander mense behalwe hierdie groot groep wat u nou beskryf het by die mars aangesluit het en dit vergroot het nie, behalwe in u onmiddellike omgewing? -- Bedoel u dat ek nie in staat sal wees om vir u te kan sê nie?

Ja, ek sal dit makliker vir jou stel. Jy sal nie kan sê hoe mense agter jou by die mars aangesluit het nie? -- As hulle nou aansluit by die optog?

Ja? -- Daardie mense is mense wat altyd saam met ons was op die optog en mense wat gesê was hoe hulle hulleself moet gedra as hulle deelneem aan hierdie optog na Houtkop toe.

Het jy gesien dat mense agter toe by die optog aan die agterkant van jou aansluit? Dit terwyl die mars op pad was? -- Nee, ek het nie.

Het jy gesien dat die mense voor jou by die mars aansluit terwyl dit op pad beweeg het behalwe daar in die interseksie? -- Nee, niemand het aangesluit nie.

Want jy sien, jou getuienis was terwyl die mars aan die gang was, het dit vergroot.. Dit is behalwe hierdie groot groep mense wat aangesluit het volgens jou getuienis by die interseksie? -- Ja.

Jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Jy weet nie eers hoe dat die mense daar inkom nie, maar jysê die mars het vergroot? Jy sien nie eers mense aansluit nie? -- Vanaf die punt waar ons vertrek het met hierdie optog het mense op hulle eie daar deelgeneem aan die optog, al het ek nie gesien dat mense op pad aan hierdie optog aangesluit het nie. Omdat die mense vroeër op hulle eie daar aangesluit het voor hierdie klomp wat ek van voor af gesien het, aanvaar ek dat daar mense wel op hulle eie aangesluit het. Dieselfde geld vir die klomp wat van voor af gekom het.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, my kan ook nie vir hierdie hof sê dat mense was nie forseer om by die mars aan te sluit nie. Jy kan dit nie sê nie. -- Ek sê nie dat ek vir u sê dat dit wel so is nie. Wat ek sê is dat ek het opgemerk dat mense by hierdie optog aansluit op hulle eie en die mense het geweet waarheen gaan hierdie optog. Dit is hoe hulle daar aangesluit het.

Laat ons net duidelikheid kry,dat ek jou reg verstaan. Die mense waarna jy verwys wat by die mars aangesluit het, was dit die mense wat by die kerk in die mars ingeval het waarna jy verwys of praat jy nou van mense wat op die pad terwyl die mars besig was om te beweeg na Houtkop toe toe aangesluit het? -- Nee, die posisie is so. Mense het op hulle eie na die kerk toe gegaan en deelgeneem aan die optog. Ons is weg van hierdie kerk se perseel af. Terwyl die optog aangestap het, het mense aangesluit op die optog. Dit is hoe die getal mense dan meer geword het op hierdie optog.

Het jy hulle gesien aansluit of raai jy net? -- Dit is so. Toe ons weg is van die kerk af het ek agter toe gekyk en gesien hoeveel mense agter my was. Ons het verder aangestap. Toe ons nou weer op die teerpad was, het ek weer agter toe

gekyk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gekyk en gesien dat die mense agter my meer as die mense was wat ek vroeër gesien het net toe ons weggetrek het vanaf die kerk.

ŉ Eenvoudige vraag dan. Jy kan nie sê onder watter omstandighede daardie mense wat agter toe aangesluit het aangesluit het nie? -- Ek is nie saam met u op die vraag nie. Ek het aan u gesê dat die mense agter my meer geword het terwyl die optog aan die gang was en ek verstaan nou nie as u vir my vra of ek weet hoe die mense aan die optog self aangesluit het nie.

Ek stel dit aan jou dat jy weet nie hoe het hulle aangesluit nie, onder watter omstandighede het hulle aangesluit nie? Jy weet nie of hulle gedwing is of nie gedwing is nie? -- Ja, as u dit so stel, sal ek nie weet wat agter my gebeur of die mense gedwing word om aan te sluit nie.

Ek wil net een aspek met jou oor duidelikheid kry. Jy het vir die hof gesê aan die einde Januarie het jy by jou pa R100,00 geleen, einde Januarie 1984, om vir Mofokeng te gee of jy het geld geleen. Hoeveel het jy geleen? -- R50,00 as ek reg onthou.

Het jy dit vir jou pa terugbetaal? -- My pa het gesê ek sal die geld terugbetaal sodra ek met verlof is. Dit beteken dus dat ek alreeds die geld gegee het. Ek het eintlik in werklikheid die geld aan hom gegee.

Wanneer het jy hom terugbetaal? -- Terwyl ek met verlof was. As ek reg onthou was dit in Juliemaand.

Dit is in 1984, nè? -- Ja.

En jy het ook vir die hof gesê jy het op daardie stadium nie geld in jou spaarrekening gehad nie? -- Op watter stadium is dit nou?

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Toe jy die geld by jou pa geleen het aan die einde van Januarie 1984? -- Ja, ek het nie geld gehad nie.

So, van die einde Januarie tot die begin van Februarie - gedurende Februarie tot die begin van Maart het jy R200,00 gespaar. Is dit wat jy vir die hof sê? -- Ek vra dat die vraag weer herhaal word. Ek het nie die vraag goed verstaan nie.

HOF : Die vraag is in die tydperk Februarie/Maart 1984 het u R200,00 gespaar? -- Ek weet nie hoeveel het ek gespaar nie, maar wat ek wel van bewus is is dat ek gespaar het.

MNR. JACOBS : Betaal u steeds u maandelikse paaiement van R86,00 aan die raad? -- Ons het nie daardie geld betaal nie. Ek het dit nie betaal nie omdat ons nog gewag het vir die besluit om te hoor wat is die finale besluit.

HOF : Wie se besluit? -- Van die versoek wat gerig was dat die huur verminder moet word.

MNR. JACOBS : Was dit nie op 9 September algemeen bekend gemaak daar dat die huur was opgeskort, die huurverhoging was opgeskort nie? -- Volgens my wete, die laaste wat ek van gehoor het was dat ons die geld weer sal betaal.

Jy het nooit gehoor dat in September 1984 die huurverhoging opgeskort was nie? -- Ek het dit nie gehoor nie.

Hoekom het jy nie die huur betaal nie? -- Ek het opgehou betaal en gewag vir die besluit, wat die besluit is, omdat ons hierdie klagte aangebring het dat ons nie die huur kan bekostig nie. So, tot tyd en wyl daar ŉ besluit geneem was, het ek toe gewag en nie die huur betaal nie.

Is dit nie reg dat deel van jou betaling was gewees vir die aankoop van daardie huis of die R86,00 nie? -- Ja, dit was koopgeld van die huis.

Maar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Maar dit is dan mos nie huur nie? Hoekom het jy dan nie jou geld betaal nie? -- U sal verstaan die rede hoekom ons daar ŉ grief oorgedra het was omdat die huurgeld verhoog word. Dit was na aanleiding daarvan dat ons nou gekla het oor die verhoging van die huur, dat daar terselfdertyd ŉ versoek gerig is dat selfs die huidige huur wat ons betaal te veel is vir ons, ons kan dit nie bekostig nie. Dus moet dit ook verminder word.

HOF : Na wat toe? -- Ons het net ŉ versoek gerig dat dit verminder moet word. Hoeveel afgetrek moet word in die vermindering het ons nog nie gesê nie.

Wanneer is die versoek gerig? -- Volgens wat ek gehoor het, was daar vergaderings gehou . Daar was ook ŉ brief gerig aan die outoriteite om die huurgeld te verminder.

Wanneer het dit gebeur? -- Ek onthou nie wanneer dit was nie, want ek het daarvan gehoor na die vergaderings wat dit besluit het en die brief is alreeds deurgestuur.

Maar wanneer het u daarvan gehoor? -- Om en by gedurende Junie of Julie.

Van watter jaar? -- Dit kan wees dat dit in 1984 was.

U sê dat in vergaderings wat plaasgevind het voor die opstande in Sebokeng en waarvan u gehoor het voor die opstande in Sebokeng daar besluit is dat die huur te hoog is en moet verminder word? -- Ja, dit is hoe ek gehoor het.

Dit sou dan plaasgevind het voordat die huurverhoging aangekondig is? -- Ek het nie ŉ goeie kennis daarvan nie. Ek is nie seker van die feite nie, maar as ek reg is, sou die huur verhoog geword het met ingang 1 September.

Ja, dit is korrek. -- Wat was die hof se vraag nou weer?

Met ander woorde, wat ek gesê het is dat u het gehoor

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat daar vergaderings was waar besluit is op ꞌn huurvermindering voordat u kennis gekry het van die huurverhoging van 1 September? -- Dit het op die volgende manier gebeur. Die inwoners was alreeds daarvan bewus dat die huurgeld verhoog word en met dié het hulle besluit dat dit liewers verminder word as om verhoog te word.

Maar het u dan nie daaroor gedink om dan ꞌn verminderde bedrag te betaal in plaas van niks nie? -- Die posisie is so, ek is nou nog op hierdie huidige oomblik wat ek hier staan bereid om te betaal, maar ons sit met hierdie probleem. In die lokasie is dit nog nie bekend gemaak nie, ons is nog nie na ꞌn vergadering geroep waar ons ingelig word van die besluit hoeveel betaal moet word nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie sal die besluit neem? -- Die administrasieraad.

Vanwaar kom die grief? Het u ꞌn grief oor die huur en vanwaar kom dit as u een het? -- Ja, ek het ꞌn grief.

Wat is jou grief? -- My grief is dat die huurgeld wat ek alreeds betaal het destyds was baie en as daar nog geld bygetel moet word, dan gaan dit te veel word vir my om te kan betaal.

Watter huurgeld het u betaal? U het dan vir die hof vertel u het nie huurgeld betaal nie, u het die koopprys betaal. Dit is nie vir my duidelik waar u grief vandaan kom nie? -- Sedert die tyd wat ek die deposito betaal het, het ek al my paaiemente betaal soos gereël tot op die tydstip wat hulle besluit het met die verhoging.

Ja, maar kyk, u het vir my gesê dat u grief is dat u huur is verhoog en daarom betaal u nie huur nie, maar dit was nie u getuienis dat u huur betaal het nie. U getuienis

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was dat u ŉ koopprys afbetaal het. -- Die posisie met ons is soos volg. ŉ Persoon wat gekoop het verwag nie dat die huur verhoog moet word ten opsigte van daardie persoon nie en as daar huur verhoog word vir daardie persoon, beteken dit dus dat daardie persoon ook nie gekoop het nie en as ŉ huurder in daardie plek bly.

Maar u huur is mos nie verhoog nie? -- My huur was verhoog gewees, want wat gesê was is dat die mense wat huise huur wat glad nie ŉ koopprys betaal het nie, se huur word verhoog met R5,90 en ons, die mense wat gekoop het, wat betaal het in die proses van koop, se verhoging sou R5,50 gewees het.

Is daar nie vir u gesê dat die diensgeld wat u moet betaal vir die verwydering van afval byvoorbeeld vir straat-dienste, vir ligte wat brand in die aand, daardie diensgeld dat dit meer is omdat die kostestruktuur gestyg het nie? -- Nee, daar was geen so ŉ verduideliking gewees nie. Wat gesê was daar is dat mense wat die huise huur betaal soveel meer en dié wat gekoop het, betaal soveel meer.

Maar die man wat sy huis gekoop het, betaal nie huur nie, hy betaal af op die prys en na ŉ sekere tyd is dit klaar betaal en dan is dit sy huis? -- Dit is so.

U begryp dit? -- Ja.

Maar kan u dan nie verstaan nie dat as u verlede jaar huur betaal het en die diensgeld verhoog en u betaal vir ŉ jaar ŉ paaiement en die diensgeld verhoog weer, dat u dan miskien nou nie ŉ verhoogde paaiement moet betaal nie, maar wel ŉ verhoogde diensgeld moet betaal? -- Nee, dit was nie ŉ verduideliking wat aan my gegee was nie.

Wie het vir u gesê dat u nie meer huur moet betaal of

kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kan betaal nie? -- Dat ek nie meer kan betaal nie?

Ja, kyk, u het betaal tot aan die einde van Augustus blykbaar en daarna nie weer nie? Die eerste vraag, wie het vir u gesê u betaal huur? -- Niemand het vir my gesê nie. Ek weet ek moet betaal.

Maar u sê u betaal huur? -- Niemand het vir my gesê nie. Volgens my mense en ekself. Enige gelde wat betaal word ten opsigte van die huis wat 'n mens bewoon, word beskou as huur. So, selfs hier in hierdie geval beskou ek die gelde wat ek uitbetaal vir daardie huis wat ek koop as huur.

So, dit is nooit u huis nie? U koop hom nie? -- Nee, nee, dit is 'n woord wat gebruik word. Die mense is gewoond om dit huur te noem. Dit is nie dat ek nie weet wat presies die prosedure is en wat gebeur nie.

So, besef u dan dat die huis wat u sou gekoop het in 1984 miskien nou glad nie meer u huis is nie en dat u geen reg op hom het nie? -- Dit is wat ek nie weet nie.

HOF : Jy moet 'n bietjie na jou kontrak kyk, anders begin jy weer heel voor. Dan kan jy maar weer 'n draai gaan gooi by Councillor Mofokeng.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie het vir u gesê dat u moet nie huur betaal nie? -- Dat ek nie moet betaal vir die huis wat ek gehoop het nie?

Ja? Ek noem dit nou maar huur? -- Nee, niemand nie.

Nou maar hoekom het u dan nie betaal nie? -- Dit is omdat die geld baie was en die geld wat ons alreeds betaal het daar ook te veel was en ons het 'n versoek gerig dat daardie huidige huur sonder die verhoging ook moet verminder word.

Ja, maar jy is nou weer terug by die mense wat huur. Jy is nie 'n mens wat huur nie, jy is 'n mens wat koop.

Jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Jy skuld nou vinnig bereken nagenoeg R4 000,00 agterstallige geld. Het jy dit? -- Ek weet nie hoeveel skuld ek nie.

Nee, maar ek sê het jy ongeveer R4 000,00 om te betaal wat dit is die agterstallige geld. Het jy voorsiening daarvoor gemaak? -- Ek het nie daardie geld nie.

HOF : In 1984 wat was u verdienste? -- Omtrent R93,00.

Per week? -- Per week.

Wat verdien u nou? -- R150,00.

MNR. JACOBS : U het gesê ons het ŉ versoek gerig, wie is die ons wat die versoek gerig het? -- Die versoek is gerig deur al die inwoners wat daar by die lokasie is.

Wanneer is die brief geskryf? -- Ek is nie daarvan seker wanneer die brief geskryf is nie.

Jy sê daar is ŉ brief geskryf. Dan moet jy vir ons kan sê wanneer dit was? -- Ek het gesê ek het net verneem dat hierdie brief geskryf is en gerig is as gevolg van hierdie vergaderings in Junie/Juliemaand daar rond. Dit is na dit dat ek gehoor het dat daar so ŉ brief geskryf is.

Deur wie is die brief geskryf? -- Deur die mense wat by die vergadering was.

Watter mense?-- Ek het alreeds gesê dat ek nie daar was nie, ek weet nie wie die persone is nie.

Maar hulle sê dan vir jou die mense skryf ŉ brief en wat die inhoud van die brief is. Hoekom sê hulle dan nie ook wie is die mense wat die brief skryf nie? -- Ek weet nie hoekom hulle my nie gesê het nie, maar ek het ook nie daarvoor gevra nie.

Die vergaderings wat daar gehou was, het u geweet van die vergaderings? -- Ek het gehoor van een van die vergaderings. Ek het dit nie bygewoon nie, want ek is ŉ man wat

werk/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

werk.

Het jy nie belang gestel om te gaan na die vergaderings toe nie? -- Hoe kan ek nou soontoe gaan as ek by die werk is? Ek sal net kan gaan as ek ŉ dag af was.

En jou vrou? Het jy jou vrou gestuur om te gaan uitvind wat gaan aan? -- Dit het nie gebeur in my gedagte dat ek so gedink het om haar te stuur nie.

Wie het die vergaderings georganiseer? -- Ek weet nie. Ek het alreeds gesê dat ek nie geweet het wie die vergaderings georganiseer het nie.

Het u nie belang gestel om te kyk wie is dit wat hier ons saak nou opneem en vergaderings hou en briewe skryf nie? -- Wat in my gedagte aangegaan het, was dat as ek tyd het sal ek een van die vergaderings bywoon wat gehou gaan word terwyl ek in staat is om dit by te woon.

Wil u vir my sê ŉ man wat binne-in ŉ maand van begin Februarie tot die eerste week in Maartmaand R200,00 kan spaar kan nie R5,50 verhoging van dienstefooie betaal nie?

MR BIZOS : I do not know why my learned friend describes it as "dienstefooie".It arises also out of the questions asked by the learned assessor. AAQ19 on page 2 which is page 3 on the document as duplicated or page 4 as duplicated says this "NB. All other rentals not mentioned above increase R5,50 per month for privately owned houses." So, that even the officials who drew this up have difficulty apparently in distinguishing between the paying off of the purchase price and rent and R5,90 per month for council owned houses (hostels and private hostels excluded).

COURT : Now what is the objection? The question was "iemand wat in ŉ maand R200,00 kan spaar, kan nie R5,50 verhoging

betaal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betaal nie." Is your objection against the question?

MR BIZOS : "Vir dienste". What I am saying is, and I am taking this upportunity that the question is being put, to take an objection and also to draw attention to the fact that the officials themselves called it a rent increase for privately owned houses and not only the witness.

COURT : Yes, but is there not an explanation on the other part of that document how it is compiled?

MR BIZOS : No, your lordship ... (Court intervenes)

COURT : I am not sure, I have not got it here, but I thought that we had on the one side exactly how it is set out-

MR BIZOS : The reason for the increase is given. Various matters are given for the increase.

COURT : Yes, but the reasons are shown to be for services or am I incorrect? I have not got it in front of me.

MR BIZOS : Let me just remind your lordship of what that says. They say "Water and electricity, other services and maintenance and upkeep of roads, capital, less subsidy from accummulative funds" and they come to a figure of R5,59, but if your lordship then goes to a list of how the rent is increased they called it rent of various houses and on the fourth page of that document as the exhibit is in capitals in the middle "NB. All other rentals not mentioned above increase with R5,50 per month for privately owned houses rent." They call it rent.

COURT : Yes, everybody seems to call it rent.

MR BIZOS : Well, that is the point that I make and with respect it is really an objection to the question being formulated in this way and also the line of question by the learned assessor to the witness, how can he talk about rent

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and I merely want to draw attention that the officials who drew this document "nota bena" they say the rent of privately owned houses is going to be increased by R5,50 and council owned houses by R5,90.

COURT : Well, I thought we had determined in this case right at the outset that by rent we meant an inclusive thing.

MR BIZOS : Well, this is the only point that I want to take. I do not want to take it any further.

HOF : Herformuleer dan die vraag. Die vraag wat gevra was, iemand wat in 'n maand R200,00 kan spaar kan nie R5,50 dienste-verhoging betaal nie, sê mnr. Bizos, ek het dit nie self geskryf nie.

MNR. JACOBS : Hetsy dan huur of dienste, wat dit ook al is, 'n verhoging van R5,50 in 'n maand betaal. -- Wie spaar so baie geld?

HOF : Ek was onder die indruk u spaar so baie geld? -- Wanneer het ek gesê dat ek so baie geld spaar?

Ja-nee, wanneer het hy so gesê?

MNR. JACOBS : Einde Januarie 1984 moes jy geld by jou vader leen omdat jy nie geld in 'n spaarrekening gehad het of geld gehad het nie om vir Mofokeng te betaal en binne die volgende maand, dan het daar oorgebly Februarie, in Maartmaand kon jy R400,00 deposito betaal en R200,00 uittrek uit 'n spaar-rekening. Met ander woorde, van einde Januarie tot jy die deposito betaal het, moes jy R200,00 gespaar het? -- Nee, dit is nie wat ek gesê het nie. Ek het die geld gehad by die tyd wat ek geld geleen het van my pa om vir Mofokeng te gaan gee. Die probleem vir my was dat ek nie tyd gehad het om na die bank toe te gaan om die geld te gaan trek nie. Om my besigheid met Mofokeng te bespoedig, het ek dit goed

geag/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

geag om geld te leen van my pa om die bedrag te kan betaal en dit so gou as moontlik aan Mofokeng te gee om dan die dinge vir my te kan bespoedig. Dit is nie dat ek nie die geld gehad het nie.

<u>ASSESSOR (MR KRUGEL)</u> : May I just enquire, Mr Bizos, you have made objection and also referred to the AAQ19. I had in mind that AAQ19, I have got the document before me now, referred to increased service charges and rentals and the very first sentence reads as follows "At its meeting held on 29 June 1984 the town council of Lekoa resolved to levy a(10) general increase in service charges to the amount of R5,90 per month for board houses and R5,50 per month for private houses." That is why I put the question to this witness that I did put.

<u>MR BIZOS</u> : That is why, whilst the questions were being put that I did not stand up to object. The only point that I want to make was by referring to the other portion of the document which ... (Mr Krugel intervenes)

<u>ASSESSOR (MR KRUGEL)</u> : Which portion were you referring to?

<u>MR BIZOS</u> : Our exhibit has got four pages.

<u>ASSESSOR (MR KRUGEL)</u> : You may perhaps refer to Annexure A which is not before court.

<u>MR BIZOS</u> : I am sorry about that, because our AAQ19 has got four pages.

<u>ASSESSOR (MR KRUGEL)</u> : There is only one page.

<u>MR BIZOS</u> : I am sorry. Our AAQ19 has got four pages which is a schedule of what kind of house and what rent. I am sorry that that is not before you and I apologise. Could I just in fairness to myself, we can sort out what the exhibit should really be at the end, could I just hand up for the

court's/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

court's viewing of what it says on this page. I have underlined it. I am sorry that that is not before you.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : I never had the impression that rental was used in that type of ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : Well, this is obviously how the misunderstanding has arisen.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : This is not before court.

MR BIZOS : I am sorry about that. We will have to - your lordship will see house rentals, what type of house, what rent and the sentence that I read out.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : I am sorry, I do apologise. There is an AAQ19.1 and an AAQ19.2. Perhaps this is one document. I am sorry, it is here.

MR BIZOS : These sort of things happen in a trial of this length and with the amount of documentation.

COURT : Everyone has now explained everything. Have you finished, Mr Bizos?

MR BIZOS : Thank you, my lord.

HOF : Ek wil u 'n vraag vra. Vergeet nou van hierdie kwessie van spaar of nie spaar nie, maar het u nie van tyd tot tyd verhogings in u inkomste verwag nie? -- Ek het dit verwag dat dit wel so gaan wees.

Maar verhogings in inkomste is seker bedoel om grotendeels verhoogde lewenskoste te ontmoet? -- Ja, dit is so.

En verhogings in "huur" is tog ook deel van die verhoogde lewenskoste? -- Die posisie is so. As ek na 'n meubelwinkel toe gaan en hulle gee vir my 'n prys vir 'n sekere tipe stoel wat ek wil koop, teken ons 'n ooreenkoms omtrent daardie prys. As ek klaar geteken het, bly my prys dieselfde soos ek dit aanvaar het, nie waar nie?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja? -- Dit is wat vir my 'n bietjie deurmekaar maak. Ek verstaan nie hoe dit gebeur nie. Ons het ooreengekom dat ek 'n sekere bedrag sal betaal. Nou sê hulle nee, daardie bedrag word verhoog. Hoe kry hulle dit reg?

Is u reg? U het die kontrak nie eers gelees nie? -- Nee, daar is nog 'n kontrak tussen my en die verkoper. Hier gaan ek na die mense toe en ek sê vir hulle "Mense, ek soek 'n huis" en hulle sê vir my ja, jy kan 'n huis kry, maar jy betaal 'n deposito van soveel. Hulle gee niks vir my om te lees en sê kyk, die kontrak van die koop van die huis en die deposito van jou werk soos volg, laat hulle dit dan vir my uiteensit. Al wat hulle doen is, hulle ontvang my deposito en hulle sê vir my goed, jy het die huis gekoop, jy betaal nou 'n paaiement van soveel.

Het u gesê Ek wil 'n bietjie daardie kontrak wat ek moet teken vat sodat ek hom vir my prokureur gaan wys om te hoor of dit reg is? -- Ek het nie 'n prokureur nie.

MNR. JACOBS : Die Mofokeng wat jy sê wat jou R100,00 gevat het, watter Mofokeng is hy? Het hy voorletters of name? -- Die Mofokeng wat ek van praat ek weet nie wat sy voorname is nie. Ek weet waar hy woon, ek kan u daar gaan wys, maar hy is net aan my bekend as 'n Mofokeng en hy is 'n raadslid. Dit is al.

Ek stel dit aan jou dat jy het nooit aan Mofokeng enige R100,00 oorbetaal nie? -- Nou gaan ons terug. U stel dit aan my, dit wil sê u sê vir my wat u sê is reg. Ek sê dit is nie reg nie. Wat reg is is dit wat ek gedoen het want ek is die persoon wat die R100,00 betaal het, so ek ken die storie.

HOF : Is daar wyke in Sharpeville? -- Ja, ek weet net nie

presies/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

presies watter wyk is watter een nie. Die een wat ek van praat is 'n raadslid van ons area waar ek woon in Sharpeville.

Ons het u adres gehad in Sharpeville. Kan u dit net weer gee? -- 1318 Sharpeville. Dit is by my ouers se huis.

Wat is die voorstad? -- Putsoastene.

En dit is die raadslid van daardie gebied? -- Ja.

Is hy nog die raadslid daar? -- Ek weet nie.

MNR. JACOBS : Wanneer het jy 'n verklaring gemaak oor die gebeure van hierdie R100,00? -- 'n Verklaring waar?

Aan jou prokureur? Het jy nie 'n verklaring gemaak oor die getuienis wat jy hier gegee het nie. -- Dit was in 1987. Ek kan nie die presiese datum onthou nie. Ek dink dit was daar rond in Augustus/Juliemaand.

1987 of 1986? -- 1987.

Ek wil dit ook aan u stel dat die oggend van 3 September 1984 terwyl u op pad was na die kerk toe was van u huis af moes u al gesien het daar in die omgewing van gebied 7 dat daar rookkolomme opgaan, digte rookkolomme opgaan van plekke wat aan die brand was? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

En toe die opmars begin het, van die kerk af weggegaan het en julle daar in die teerpad is, toe moes u ook, stel ek dit aan u, rookkolomme gesien het weer in gebied 7 daar waar Venters Kollege is wat bekend staan as Venters? -- Ek het nie die rook gesien nie.

En ook in die rigting, weet jy waar raadslid Mokiwane woon? Ons het nou baie uitsprake gehad, Mkhiwane, Mokiwane? -- Ek ken hom nie.

Hy bly nie baie - die getuienis is hy is nie baie ver van gebied - van hierdie Venters Kollege af nie en daar in gebied 7B. Ek wil dit aan u stel dat ook sy huis was al

aan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aan die brand op die stadium toe die opmars weggegaan het van die kerk af en u moes die rookkolomme gesien het? -- Nee, ek ken nie die persoon nie. Ek sê dit nog. Ek het nie die meeste van die mense daar geken nie, want ek was nie lank daar in daardie gebied nie.

Ek wil dit aan u stel soos wat die opmars opbeweeg het moes jy ook rookkolomme gesien het in gebied 11 van plekke wat brand en in gebied 12? -- Ek het dit nie gesien nie.

En dan ook in die nabyheid van Hunters Garage toe julle daar gekom het moes julle ten minste ŉ rookkolom gesien het waar die burgemeester Mahlatsi se huis gebrand het? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Kan jy enige verduideliking vir die hof gee hoekom jy nie die rookkolomme gesien het as daar in daardie gebiede huise was wat gebrand het nie?

MR BIZOS : Is there any evidence that at the time that the march reached Hunters Garage Mayor Mahlatsi's house was burning?

COURT : No, I cannot recall it.

MR BIZOS : There certainly is not, because the only person who gave evidence about that, was Mr Mahlatsi, that happened early in the morning and unless someone holds that something that is set alight at about 08h00 or thereabouts is still burni at 11h00 and the same the times vary and an assumption is made that these things happened at the time when it would suit the state's case. But certainly in relation to Mathlati's house, there is no evidence.

HOF : Wat sê u, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ons het Johannes Pasha se getuienis . Hy het

getuig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

getuig dit was ongeveer 07 --- (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. JACOBS : Dit is volume 71 bladsy 3 820. Dit is 'n persoon wat naby Mahlatsi gewoon het. Hy het gesê dit was ongeveer 07h00 of net na 07h00 op 3 September, maar voor 08h00 by sy huis. Mense kom aan en hulle skreeu Mahlatsi se naam. Sien dit was baie mense. Mense kom vanaf rigting van kantore van gebied 11. Hulle gaan na burgemeester Mahlatsi se huis. Mahlatsi staan voor sy huis. Massa gooi hom met klippe. Mahlatsi skiet. Ander klomp kom van agter af en Mahlatsi vlug. Ek het dit nie op 'n tyd van net 07h00 nie, maar ek het dit gesit tot op die tyd wat die mars daar gekom het.

HOF : Nee, maar wag so 'n bietjie, die beswaar is juis as hierdie ding om 07h00 gebeur het, dit nie noodwendig is dat daar 'n teken van die ding om 10h00 se kant sou wees nie.

MNR. JACOBS : Maar dit is daarom dat ek stel op pad na daardie toe, enige rookkolomme gesien?

HOF : Wel, u kan die getuie vra of hy so iets gesien het. As hy sê nee, dan sê hy nee.

MNR. JACOBS : Kan jy enige rede gee hoekom jy geen rook gesien het van plekke wat wel gebrand het daardie oggend soos die mars geloop het nie? -- Ek glo dat daar geen plek was wat aan die brand was by daardie tyd nie. Dit is om daardie rede dat ek dit nie gesien het nie en ek het selfs van geen persoon gehoor daar wat gepraat het van 'n plek wat aan die brand was nie.

Dit is wat jy glo, maar kan jy enige rede gee hoekom jy niks gesien het nie? Het iets jou uitsig belemmer of enigiets van die aard? -- Daar is niks wat my uitsig

belemmer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

belemmer het nie.

Ek wil net 'n finale stelling aan u maak en dit is dat op 3 September op daardie vergadering by die kerk het Esau Raditsela die mense opgesweep om raadslede en hulle eiendom aan te val en raadseiendom?-- Nee, indien daar so iets gesê was, sou ek weggeloop het van daardie plek af want ek hou eintlik nie van bakleiery nie.

En dit is daarom dat die dinge gebeur het daar op die interseksie en waar die mense toe in is na Caeser se huis toe? -- Nee, ek het nie mense gesien wat na daardie rigting gegaan het nie.

Dankie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

THEMBA CORNELIUS MAZIBUKHO: d.s.s. (Through Interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS: Do you live at 1730 Roy Road, Evaton?

COURT: Roy?

MR BIZOS: Roy, R-o-y.

ASSESSOR (MR KRUGEL): Seventeen zero?

MR BIZOS: Seventeen three zero, 1730. -- Yes that is so.

You are 27 years of age and you are not married? -- That is so.

Have you matriculated? -- Yes I have.

And was the national training certificate conferred on you after you matriculated? -- Yes that is so.

And are you a qualified diesel mechanic? -- That is so.

Employed by Putco and what are you earning per week at the moment? -- R310 per week.

This property in Evaton who does it belong to? -- It is my grandmother's place.

A freehold property? -- That is so.

Now as a younger man than you are now did you become involved in youth organisations in the Vaal.

COURT: Do you call yourself a youth? -- Yes that is so.

When will you stop being a youth? -- I believe until you reach the age of 30, before then you are not out of your youth.

MR BIZOS: Did you become involved in any youth organisation in the Vaal triangle? -- Yes that is so.

Which was the first youth organisation you became involved in? -- Vaal Youth Crusader.

Under whose auspices ...

COURT: Youth Crusader or Crusade? -- Crusade.

MR BIZOS: Under whose auspices was this organisation

operating/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

operating? -- It was under the AME church.

Is that the African Methodist Episcopal Church? -- That is so.

Were you a member of that church at that time? -- No.

Was it only for members of that church or for youth generally? -- It was open to any youth who was interested in it in that particular area.

Now I want you to please have a look at the dock and the people in front here and tell us whether any one of your friends from those days is before his lordship at the moment? -- The last one on my left in the dock.

COURT: No. 5.

MR BIZOS: What is his name? -- Gcinumuzi Malindi.

Accused no. 5. Did you know him well? -- Quite well.

Were you at school together? -- Yes.

Were you good friends? -- Yes quite well.

Yes. Now did this youth group, well let us ask what did this youth group do, very briefly? What was its function? -- It was in fact meant to get the youth together who were scattered all over in that area indulging in consumption of liquor and doing some of the things which were not in fact expected from the youth. We then decided in this youth to be involved with dramas, poetry etcetera.

COURT: When were you a member of the Vaal Youth Crusade? -- From towards the end of the year 1978 until during August, more or less August 1979.

MR BIZOS: And did you then continue being active or not in any youth affairs in the Vaal? -- No.

Do you know whether this youth group continued or whether it broke up? -- I know that it broke up.

Now/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Now did you again become, or were you approached and did you become involved with any youth group connected with Mr Malindi, accused no. 5? -- I will say yes although of course at that time the organisation was not yet formed.

I see. What organisation was not yet formed? What do you know about that? -- The idea of this organisation which was not yet properly established was to bring together the youth again which youth was again scattered doing different things, indulging in different things in the township.

Were you approached by anybody about this second group that was not yet formed? -- Yes I was approached.

By who? -- Gcinumuzi Malindi.

Accused no. 5. Yes what did he say to you?

COURT: Just tell me when was this? -- If I remember well it was towards the end of the year 1982.

MR BIZOS: What did he say to you? -- What he said to me was that their membership with an organisation of youth called COSAS was terminated as a result of which they felt that they wanted to form an organisation which will have to do with the youth still.

Yes. Did you know what COSAS was? -- Yes I knew, not much of course.

Had you been a member of COSAS? -- No.

And did he tell you why their membership of COSAS had been terminated? -- Yes he told me.

Why? -- He said the reason for their membership to be terminated was that it was said they are no longer attending school and therefore they do not qualify for admission as members of COSAS.

Did he tell you why he was discussing this matter with

you?/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

you? -- Yes he told me.

What did he say about that? Tell us in your own words why he was interested in telling you these things? -- What he said was that he would like us to bring the youth together and form an organisation. In forming this organisation the organisation's aim would be to try and do what we were doing with that other organisation which is the Vaal Youth Crusade, that it must adopt the same aims.

Were you interested in this? -- Yes that is so.

Were you invited to participate? -- That is so.

And did you attend any meetings? -- Yes that is so.

COURT: Did this group have a name? -- No.

MR BIZOS: Now I think you said you attended some meetings. Can you remember the first meeting you attended? -- If I still remember well yes.

When was the first meeting that you attended? -- I do not remember the actual date.

How many meetings did you attend with Mr Malindi, accused no. 5, and others? -- About ten. That is those that I attended while he himself was present. Otherwise there were other meetings where he was not present and there were other meetings also where I was not present at these meetings.

COURT: Over what period was this? -- From just about the end of 1982 until July/August 1983.

MR BIZOS: Do you remember the names of some of the other people who regularly attended these meetings? -- Yes there are those that I can still remember.

Can you give his lordship the names please? -- Gcinumuzi was one of them.

That is no. 5? -- No. 5. David Radebe, Simon Vilakazi

and/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and another person who was only known to me as Abner, Savimbi.

Is that a first name or a surname? -- That was his nick-name, Savimbi, he was only known as Savimbi.

COURT: And did he have a beret on?

MR BIZOS: Did he used to wear a beret? -- It is because he had a very dark complexion with big or well grown up hair.

COURT: Yes right, that is Savimbi.

MR BIZOS: Any others that you can remember? -- Moses Kankula is his surname.

COURT: K-u-n-k-u-l-e? -- K-l-a. Kankula, l-a not l-e.

Thank you.

MR BIZOS: And you told us that you, did you meet regularly or irregularly? -- Not regularly.

And what were you discussing, what did you do, what did you achieve? -- Because of the problem in attendance of the meetings there was not a success in the whole thing because each meeting there was just a repetition of the same thing which was discussed in the previous meeting, the reason being that this week for instance those who are here will be there next time when the meeting is held. Therefore they will start talking about what was discussed by those who were absent then. And next time these that are here will not be there So it went on like that until there was no progress.

COURT: What was the nature of the discussions? -- We were trying to discuss ways in which we could get this youth together and what to do to attract them into the whole thing.

Where did you meet? -- We at times used to meet in a house or in a church building.

MR BIZOS: At one house or at different houses different times? -- Different houses.

And/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

And did ...

COURT: Were you territorially bound, did you comprise a group from a certain territory, area? -- This involved people from Evaton and Sebokeng.

MR BIZOS: Well was an organisation formed? -- No.

And was there any, how, were you just going to have one organisation if and when it was formed or were you going to have different levels of organisation? -- It was just going to be one organisation.

Yes. Now ...

COURT: For men only? -- No including women.

No I asked because you do not seem to remember the ladies. -- Yes now that you are talking about it I remember one. There was only one woman who was there.

MR BIZOS: Who was she, do you recall her name? -- I only remember a woman who I remember to have come from zone 14. I cannot remember what her name is.

When did you get your national training certificate? -- You mean the mechanical certificate? -- I did my N1 and 2 at Chamdor, Krugersdorp.

In what year? -- It was during 1983 and 1984.

Now do you remember whether you attended a meeting on a Saturday in the middle of 1983? -- Yes I do.

Do you remember the day of the week and where this meeting was? I am sorry did I say Saturday already.

COURT: If it was a Saturday he need not remember the day of the week, he knows it.

MR BIZOS: As your lordship pleases. Do you remember where the meeting was? -- Yes I do.

Where was it? -- The Roman Catholic church, Small Farm.

Do/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Do you remember what happened at this meeting? -- Yes I do.

Yes, I will be a little time at this meeting, if your lordship ...

COURT: We can deal with that tomorrow.

COURT ADJOURNS UNTIL 2 FEBRUARY 1988.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.